# HOOFSTUK V.

## DIE PROVINSIALE KOSHUISSTELSEL.

### 1. Die uitwerking van oorskakeling na die provinsiale koshuisstelsel.

Met die oprigting van sentrale skole en die gevolglike uitskakeling van baie klein skooltjies, was die Departement verplig om vervoer of losies te voorsien vir meer leerlinge wat nie vanuit hulle huise 'n skool kon besoek nie. Motorvervoerskemas is oral ingestel en is deur sommige mense verkies bo koshuise, aangesien hulle kinders darem saans tuis kon wees. 'n Groot groep kinders kon egter nie volgens hierdie goedkoper metode by die skool gebring word nie en die Departement moes addisionele koshuise oprig. Die getal kosgangers het dan ook vinnig vermeerder van 5,971 in 1935 na 8,557 in 1938 en 15,599 in 1948. In die volgende tabel word aangetoon hoe dit veral die akkommodasie in provinsiale koshuise is wat uitgebrei is.

TABEL X.[1)]

Maksimum akkommodasie en inskrywing in koshuise: 1939-1948.

| Jaar. | Prov. Koshuise. | | Goedgekeurde Koshuise. | | Totaal. | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Maks. Ak. | Insk. | Maks.Ak. | Insk. | Maks.Ak. | Insk. |
| 1939 | 6872 | 6270 | 2759 | 2680 | 9631 | 8950 |
| 1940 | 8593 | 7994 | 1997 | 1969 | 10590 | 9963 |
| 1941 | 10282 | 9007 | 2110 | 2006 | 12392 | 11013 |
| 1942 | 11132 | 10367 | 2169 | 1741 | 14301 | 12108 |
| 1943 | 11911 | 11320 | 2400 | 1990 | 14311 | 13310 |
| 1944 | 12492 | 11585 | 2456 | 2066 | 14958 | 13651 |
| 1945 | 12721 | 12056 | 3205 | 2738 | 15926 | 14794 |
| 1946 | 13530 | 12358 | 2271 | 2244 | 15801 | 14602 |
| 1947 | 14146 | 12900 | 2252 | 2192 | 16398 | 15092 |
| 1948 | 14767 | 13265 | 2348 | 2334 | 17115 | 15599 |

1) Dir. Jaarverslae vir die jare 1939 tot 1948: Koshuisopgawes.

Na die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in 1939 is die Departement se bouprogram tot 'n groot mate aan bande gelê. Volgens die inspekteursverslae vir 1941[1] het daar 'n dringende behoefte aan koshuisplaasruimte bestaan in die distrikte van Rustenburg, Waterberg, Pietersburg, Lydenburg, Ermelo, Standerton, Wolmaransstad, Nylstroom en Lichtenburg. Om in hierdie dringende tekort te voorsien, moes daar noodgedwonge van ondoeltreffende geboue gebruik gemaak word. Slegs in die distrik van Zeerust het daar mooi geboue bestaan wat nie vol was nie. Hoewel daar nog sowat 'n honderd kinders gehuisves kon word, is privaat losiesbeurse toegeken aan kinders by plaasskole, waar hulle onder ongunstige omstandighede geloseer het.

Oor die provinsiale koshuise is daar gunstig gerapporteer. Jaar na jaar word bewys gelewer van die nut, noodsaaklikheid en doeltreffendheid van provinsiale koshuise op die platteland.[2] Waardevolle opvoedingswerk - geestelik, verstandelik en liggaamlik - is 'n kenmerk van die inrigtings. Die algemene gesondheid en opgeruimdheid van die loseerders het getuig van goeie bestuur, deeglike versorging en uitstekende voeding. Die mening word dan ook deur inspekteur J.A.Smuts uitgespreek dat dit 'n gelukkige dag sal wees wanneer alle kosgsangers onder dak gebring kan word in ruim en gerieflike provinsiale koshuise.

Grootskaalse sentralisasie het in 1943 ten einde geloop. Waar klein skooltjies daarna nog gesluit is, was dit slegs toe te skryf aan die daling van getalle.[3] Weens gebrek aan akkommodasie in sommige provinsiale koshuise, moes die Departement opnuut weer leerlinge toe-

1) Dir. Verslag 1941: Verslae van inspekteurs.
2) Dir. Verslag 1941: inspekteur J.A.smuts, 69.
3) Dir. Verslag 1943: inspekteur J.A.Smuts, 81.

laat om in goedgekeurde private koshuise in te woon en is die beurse vir losies verhoog.[1] In die noordelike distrikte het die ouers die waarde en voordele van skoolplase en sentrale skole begin insien. Hoewel hulle dit soms moeilik vind om hulle te versoen met die gedagte dat hulle kinders op 'n leeftyd van sewe jaar na 'n koshuis moet gaan, sal baie nie weer wil teruggaan na die oorspronklike een- en tweemanskole nie.[2] Indien die posisie ten opsigte van geboue in sommige gevalle beter was, sou daar voorwaar geen rede tot klagte wees nie. Maar ................

„gehuurde geboue is in die reël swak. 'n Mens bewonder dikwels die koshuispersoneel in hierdie inrigtings vir die moed wat hulle aan die dag lê, en twyfel sterk aan die opvoedende waarde van inrigtings wat met sulke akkommodasie tevrede moet wees. Die beginsel van provinsiale koshuise is nou eenmaal as beleid aanvaar en daar sal seker nie weer daarvan afgesien word nie. 'n Noodwendige gevolg van die aanvaarding van die beginsel moet die voorsiening van doelmatige huisvesting wees. Die moeilikhede en beperkings van die outoriteite word wel deeglik besef, maar .......... ons sal darem so dankbaar wees as daar veranderings gemaak kan word." 3)

In die beginstadia van koshuisontwikkeling het die klem op stedelike inrigtings geval. Gaandeweg het die belangrikheid verskuif na die platteland en is al minder aandag gegee aan koshuisvoorsiening in die stad. In Pretoria en Potchefstroom, die sentra van middelbare opleiding vanaf die tydperk van die Z.A.R., het plaaslike liggame en kerke die beheer oor koshuise behou. In hierdie inrigtings is met die loop van jare 'n „esprit de corps" opgebou, waarvan die plaaslike besture nie graag afstand wil doen nie. So vind ons dat die koshuise verbonde aan die Gimnasium en Volkskool te Potchefstroom, die Afrikaans-Hoërseunsskool te Pretoria en die Volkskool te Heidelberg vandag nog

1) Dir. Verslag 1944, 9.
2) Dir, Verslag 1943: inspekteur E. Hudson.
3) Ibid, inspekteur F. J. du Toit, 74 en 75.

uitstekende werk doen as goedgekeurde koshuise en landswye bekendheid verwerf het.[1)]

Die inspekteurs van die kring Witwatersrand-Sentraal lewer in 1943 'n pleidooi vir meer koshuisfasiliteite in hulle gebied.[2)] Hulle sien in die skoolkoshuis op die platteland die middelpunt van die groei en ontwikkeling van die sentrale skool en die kern waarom alle buitemuurse aktiwiteite opgebou is.

Waar die hoofdoel van die koshuis in dunbevolkte dele is om die kind binne bereikbare afstand van die skool te bring, is die afstandsfaktor in die stad van bykomstige belang. Behalwe die belangrike rol wat koshuise in die lewe van 'n skool speel, is daar ernstige redes waarom sulke inrigtings ook aan 'n aantal skole in stedelike gebiede verbonde behoort te wees.

Om verskillende oorsake - as gevolg van dood, egskeidings, drank of verarmde omstandighede - word talle huisgesinne in Johannesburg van mekaar geskeur. Die ouers of voogde van sulke gesinne mag, as gevolg van hul werksomstandighede, wat hulle noodsaak om die grootste gedeelte van die dag van die huis weg te wees, nie in staat wees om self vir die kinders te sorg nie. In hierdie gevalle waar ouerlike kontrole verslap of totaal afwesig is, is dit dringend noodsaaklik dat dit vervang behoort te word deur die dissipline van 'n behoorlik georganiseerde skoolkoshuis. Geen laer- of juniorhoërskole in Johannesburg het op daardie stadium kosinrigtings gehad nie en slegs 'n paar van die hoërskole het beperkte akkommodasie aangebied wat hoofsaaklik deur plattelandse leerlinge opgeneem is, soos in Tabel XI op die volgende bladsy aangetoon word.

---

1) Dir. Verslag 1948: Koshuisopgawes.
2) Dir. Verslag 1943: Inspeksieverslae, 52.

TABEL Xl.[1]

Akkommodasie in dept. koshuise in Johannesburg: 1943.

| | Johannesburg leerlinge. | Plattelandse leerlinge. | Totaal. |
|---|---|---|---|
| Johannesburg Meisies | 11 | 50 | 61 |
| Helpmekaar Meisies | 2 | 29 | 31 |
| Jeppe | 45 | 88 | 133 |
| King Edward Vll | 54 | 112 | 166 |
| Helpmekaar Seuns | 8 | 47 | 55 |
| Totaal | 120 | 326 | 446 |

2. Beursregulasies tans van krag.

a. Die regulasies:

In alle departementele regulasies word daar gedurig wysiginge aangebring om tred te hou met veranderde omstandighede. In hoofstuk lV is 'n volledige uiteensetting gegee van die beginsels waarop die beursstelsel van Transvaal gebaseer was tot 1936.[2] As gevolg van wysiginge wat aangebring is na 1936, word beurse vandag as volg toegeken:[3]

1. Die Direkteur kan beurse toeken slegs aan leerlinge wie se ouers of voogde na die mening van die Direkteur nie finansieel in staat is om die koste, of enige gedeelte daarvan, van die nodige vervoer na of losies by 'n publieke skool, om hulle in die geleentheid te stel om sodanige skool te besoek, te betaal nie, en wie se ouers of voogde in Transvaal woonagtig is.

2. Ouers moet op 'n voorgeskrewe vorm aansoek doen wanneer hulle in aanmerking wil kom vir 'n beurs.

3. In die geval van losiesbeurse maak die skoolhoof sowel as die skoolraad 'n aanbeveling, waarna die aansoekvorms deurgestuur word na die Direkteur vir die

1) Dir. Verslag 1943, 52.
2) Adm. Ken. No. 414/1916; 39, 67, 124, 301 en 333/1919; 531/1920; 165 en 386/1921; 59/1923; 297/1924; 505/1925; 310 en 425/1926; 159 en 226/1927; 520 en 678/1935; 719/1936.
3) Adm. Ken. No. 508/1941; 439/1942; 364 en 464/1944; 773 en 774/1947; 360/1948 en Alg.Oms. 68/1954.

finale beslissing.

4. Beurse is geldig tot aan die einde van die kalenderjaar, en word op 'n kwartaallikse basis toegeken.

5. Losiesbeurse sal alleen beskikbaar wees vir leerlinge wat verder as drie myl van die skool, wat aan die vereiste standaard of voertaal beantwoord, woon, maar uitsonderinge kan in die volgende gevalle gemaak word:

i. Geografiese moeilikhede - twee-myl-grens is 'n vereiste.

ii. Liggaamlike of geestelike gebreke.

iii. Wanneer die ouers geen vaste verblyfplek het, of as gevolg van hulle werk nie 'n tuiste vir die leerlinge kan verskaf nie.

6. Beursgelde word slegs betaal in die geval van skoolpligtige leerlinge (Standerd Vlll of die einde van die jaar waarin die leerling die leeftyd van sestien jaar bereik het) behalwe wanneer die leerling 'n eersteklas in die standerd-agt-eksamen behaal, 'n landbouvakskool of 'n spesiale skool besoek.

7. Geen geld word aan 'n ouer betaal as hy/sy self die losies of vervoer verskaf nie.

8. Verder kan die Direkteur bepaal by watter skool 'n beurs geldig is, 'n beurs terugtrek of verminder as die gedrag of vordering van die leerling onbevredigend is, die beurs nie langer geregverdig is nie, of die losies onbevredigend is.

b. Leningsbeursverenigings. [1)]

Die Administrateur kan vir enige skool 'n leningsbeursvereniging, bestaande uit vyf tot sewe persone, saamstel. Hierdie komitee besit regspersoonlikheid en die skoolhoof of vise-hoof is ex-officio lid en tree op as sekretaris. So 'n vereniging moet 'n argief,

---

1) Ord. No. 17/1944 en Adm.Ken.No. 773 en 774/1947.

registers en rekeninge hou, gereeld opgawes en verslae aan die Departement stuur en op vasgestelde tye 'n staat van ontvangste en uitgawes indien. Die hulptoelae wat deur die Provinsiale Administrasie aan 'n vereniging betaal word, kan hoogstens £1500 beloop en word as volg bereken: Op die eerste £500 'n pond vir elke pond, op die daaropvolgende £1000 tien sjielings vir elke pond en op die volgende £2000 vyf sjielings vir elke pond wat die vereniging bydra.

Leningsbeurse sal alleen betaalbaar wees aan leerlinge wie se ouers of voogde in Transvaal woon en wat 'n standerd nege- of tien kursus aan 'n middelbare skool, onder beheer van die Departement, bywoon. Individuele beurse mag nie meer as £150 vir die hele kursus bedra nie, leerlinge moet onderneem om die hele middelbare kursus te voltooi en as die vordering onbevredigend is, kan die beurs gestaak en terugbetaling geëis word. Hierdie beurse sal verder alleen geldig wees by provinsiale of goedgekeurde koshuise. Wanneer die volle lening binne vyf jaar terugbetaal word, sal geen rente bereken word nie, maar na die tydperk is 3½ persent betaalbaar op die uitstaande saldo.

By die onbinding van so 'n vereniging word 'n trustee deur die Administrateur benoem en word verdere stappe soos met 'n gewone boedel gedoen. Na afhandeling word die balans aan die Administrateur betaal en hierdie geld word as volg bestee: Die helfte, of die bedrag deur die Administrasie inbetaal (watter een die kleinste is) word in die Provinsiale Inkomstefonds gestort en die balans in trust gehou totdat die Administrateur aanbeveel hoe dit aan die betrokke skool bestee sal word. In 1947 was daar leningsbeursverenigings aan die volgende skole verbonde: Belfast-Hoër, Bethal, Carolina, Erasmus, Ermelo, Klerksdorp, Krugersdorp, Lichtenburg,

Lydenburg, Piet Potgieter, Pietersburg, Potchefstroom Gimnasium, Potchefstroom Volkskool, Potchefstroom Boys High, Vereeniging en Zeerust.[1)]

c. Hoe die beursstelsel in die praktyk toegepas word.

(i) Berekening van die beursgeld wat aan 'n bepaalde leerling toegeken word.

Wanneer 'n ouer aansoek doen om 'n losiesbeurs, word vorm T.O.D. 348 volledig ingevul. Die ouer moet 'n beëdigde verklaring aflê dat al die gegewens wat daarin verstrek word, juis is. Dit vorm dan die basis waarop die aanbevelings van die skoolhoof en die skoolraad en die beslissing van die Departement berus. Indien die skoolraad van mening is dat dit nie 'n juiste weergawe van die applikant se finansiële posisie is nie, word aan die Provinsiale Inspekteur opdrag gegee om die geval te ondersoek en word sy bevinding aangeheg wanneer die aansoek na die Departement gestuur word.

Nadat die skoolhoof sy aanbevelings op die aansoekvorms gemaak het, word vorm T.O.D. 22, waarop die name van al die applikante in alfabetiese volgorde voorkom, in viervoud voltooi.[2)] Die skoolraad maak hulle aanbevelings op albei vorms. (T.O.D. 348 en 22).

Die vraag ontstaan wat die doel van hierdie aanbevelings is, as die finale beslissing by die Departement berus en tot watter mate kan die Departement die geldigheid van hierdie aanbevelings in berekening bring. Daar is min skoolrade en, sover skrywer hiervan kon vasstel, geen skoolhoofde wat volgens 'n vasgestelde formule te werk gaan by die vasstelling van die betaalkrag van die ouer nie. As 'n ouer daarin slaag om 'n duistere prentjie van sy finansiële posisie aan die

1) Adm. Ken. No. 773/1947.
2) Alg. Omsendbrief No. 58 van 1951.

hoof of voorsitter van die skoolraad te skilder, word ŉ groot beurs aanbeveel. Dit gebeur dat wanneer ŉ beurs van £8 per kwartaal aanbeveel word, slegs £2 tot £3 goedgekeur word.[1] Wanneer die Departement ŉ beslissing gee, word daar volgens ŉ bepaalde formule te werk gegaan.[2]

Dit is nie duidelik waarom skoolrade in die duister gehou word wat die departementele metode van berekening betref nie. Die Lichtenburgse skoolraad het ŉ skema ontwerp waarvolgens hulle aanbevelings en die beslissing van die Departement min afwyking toon. Waar daar voorheen ŉ totale bedrag van £472 - 12 - 6 per jaar aanbeveel is en die Departement slegs £251 - 5s. (61.7 persent) goedgekeur het, was die posisie na die inwerktreding van hulle skema baie gunstiger en is £287 - 10s. (95.3 persent) goedgekeur toe ŉ bedrag van £301 - 10s. aanbeveel is.[3]

Hierdie raad het verder gevind dat wanneer ŉ ouer protes aanteken oor die beurstoekenning wat gemaak is, die betaalkragvorm, wat op rekord by die raad gehou word, as bewysstuk kan dien vir hulle metode van aanbeveling. Verder word die wenslikheid uitgespreek dat plaaslike skoolraadslede die betroubaarheid van die gegewens wat op die aansoekvorm verstrek word, sal kontroleer.

(ii) Prosedure nadat ŉ beurs toegeken is.

Nadat die beurs uiteindelik deur die Departement goedgekeur is, word aan die skoolraad en hoof elk

1) T.O.D.22: Van der Merweskool, Ermelo, 1954, met die aanbevelings van die Ermelo Skoolraad.
2) Gegewens verstrek deur H.O.Haarhoff, senior klerk van die Departement in beheer van beurse. Sien Bylae B (i).
3) Lichtenburg Skoolraad, Jaarverslag vir 1945, te vinde in die Onderwysdepartement biblioteek; vir volledige skema sien Bylae B (ii).

'n voltooide afskrif van vorm T.O.D. 22 gestuur, terwyl die skoolraadsekretaris die ouers in kennis stel van die Departement se beslissing. Hierdie beurse bly dan geldig vir die kalenderjaar. Indien die finansiële posisie van 'n ouer gedurende daardie jaar tot so 'n mate verander dat die skoolhoof van mening is dat hersiening van die beurstoekenning nodig is, word die ouer versoek om 'n nuwe opgawe te verstrek en word dit tesame met vorm S.E. 10 in viervoud deur bemiddeling van die skoolraad na die Departement gestuur vir heroorweging. Hierdie vorm moet ook ingedien word as 'n leerling nie meer as kosganger by 'n sekere koshuis ingeskryf is nie, en die beurs gevolglik gekanselleer moet word, of as 'n beurs van een koshuis na 'n ander oorgeplaas moet word.

Die skoolhoof (as hy nie self as superintendent optree nie) verstrek al die besonderhede van beurstoekennings aan die superintendent(e) van die koshuis(e) aan sy skool verbonde. Dit is dan sy/hulle plig om aan die einde van elke kwartaal beurseise by die Departement in te dien op die voorgeskrewe vorm T.O.D. 212. Hierop word aangetoon watter leerlinge vir die volle tydperk in die koshuis was. Kortings op beurseise word bereken op 'n vyfde van die beursgeld vir elke veertien dae wat die kosganger onafgebroke van die koshuis afwesig was. In gevalle waar superintendente dit moeilik vind om rekenings maandeliks te vereffen deurdat die beurseise vir 'n lopende kwartaal eers in die daaropvolgende kwartaal uitbetaal word, kan hulle aansoek doen om 'n voorskot van tagtig persent van die beraamde beurseise vir die lopende kwartaal.

---

1) Vorms T.O.D. 348, 22, 212 en S.E. 10 word in Bylae C aangeheg.

3. Die provinsiale koshuis in werking.

a. Algemene organisasie en beheer.

(i) Onderwysdepartement.

Die Onderwysdepartement is onderverdeel in vyf hoofafdelings waarvan eén te doen het met die administrasie van geboue, koshuise en vervoer.[1] Die sake wat deur dié afdeling behartig word, sluit onder andere in die stigting van skole en benodigdhede in verband met die onderhoud daarvan, byvoorbeeld die verskaffing van skool- en koshuisruimte, die stigting van en beheer oor skoolkoshuise, toekenning van beurse vir middelbare- en laerskole en aansoeke vir koshuis-meubels en uitrusting. Die afdeling word beheer deur 'n hoofklerk bygestaan deur 'n eerste klerk, 'n seniorklerk en twee eerstegraadsklerke.

Die hoofkantoor het egter geen persoonlike kontak met die baie koshuise wat oor Transvaal versprei is nie en daarom word sommige van hulle magte aan veldamptenare gedelegeer om sodoende die nodige kontrole oor die verskillende inrigtings se werksaamhede te verkry.

(ii) Inspeksies.[2]

1. Opvoedkundig.

Artikel 7 van die Koshuisregulasies bepaal dat elke koshuis op alle redelike tye geïnspekteer kan word deur 'n inspekteur van onderwys of ander amptenaar wat behoorlik deur die Direkteur gemagtig is. Die kringsinspekteur is die Departement se hoofamptenaar ten opsigte van skole en koshuise in sy inspeksiekring. Alle rapporte kom via hom na die Departement of 'n afskrif van enige verslag wat oor 'n koshuis in sy

---

1) Dept. Pamflet: Organisasie en funksie van die Departement, Maart 1954.

2) Handboek van Regulasies vir Prov. Koshuise, soos gewysig.

kring ingedien en aangeneem word, word aan hom gestuur. In samewerking met die skoolhoof (as hy nie self as superintendent optree nie) word die opvoedkundig-administratiewe aangeleenthede ondersoek. Daar moet vasgestel word of behoorlike toesig en kontrole deur die superintendent en die toesighoudende personeel oor die leerlinge, die huishoudelike personeel en die bediendes uitgeoefen word. Menslike verhoudings is altyd 'n moeilike saak en so dikwels kan 'n verkeerde optrede van die superintendent, diensdoende- en hishoudelike personeel aanleiding gee tot wanverhoudings. As 'n klagte in dié verband by die Departement ingedien word, word aan die skoolinspekteur opdrag gegee om die saak te ondersoek en aanbevelings te maak oor die moontlike stappe wat gedoen moet word. Hy moet verder ook toesien dat daar die beste gebruik gemaak word van beskikbare plaasruimte, hy stel die maksimum akkommodasie vir 'n bepaalde koshuis vas en maak aanbevelings by die Departement in verband met die voorsiening van geboue, uitrusting en meublement.

'n Moeiliker aspek van sy taak is om vas te stel of die onderlinge verhouding tussen skool en koshuis reg is en of die kinders huislike gerief en geluk in die koshuis ondervind, of daar genoegsame voorsiening gemaak word vir studie, buite-aktiwiteite en ontspanning en of die huishoudelike reëls ordelikheid en netheid tot gevolg het. Om 'n duidelike beeld van die opvoedkundige waarde van 'n bepaalde inrigting te kry, sal dit vir die inspekteur nodig wees om 'n hele paar dae self daar in te woon en sodoende vertroud te raak met al die aktiwiteite van die koshuis.

Op 'n konferensie van koshuissuperintendente, gehou op 14 Junie 1941, is besluit om die Departement

dringend te versoek om 'n spesiale adviseur vir koshuise aan te stel wat van tyd tot tyd die koshuise sal besoek met die oog op vasstelling van losiesgeld en personeelskale en bespreking van algemene geldelike sake met die superintendente en adviserende komitees.[1] Daar is aan die hand gedoen dat so 'n adviseur praktiese ondervinding van koshuissake moet hê, met ander woorde, self 'n superintendent van 'n koshuis moes gewees het.

2. Finansies.

Op 1 Oktober 1941 is H. S. van der Walt, hoofklerk in die Onderwysdepartement, aangestel as koshuisinspekteur met die bepaalde opdrag om voorligting te verskaf in verband met die geldsake by koshuise. Hiermee is aan 'n dringende behoefte voorsien, want meeste van die koshuissuperintendente het min of geen kennis van 'n boekhoustelsel gehad nie, en om uitvoering te kon gee aan die vereistes van die Departement in dié opsig, was leiding nodig. Aan die wenke van dieëtkundiges moes uitvoering gegee word, daar moes die regte verhouding bestaan tussen die verskillende uitgawe-items (bereken volgens eenheidskostesyfers) en vooruitbeplanning vir behoorlike finansiële administrasie was noodsaaklik om die beste gebruik van beskikbare fondse te maak. 'n Spesialiteit was nodig om van hierdie sake 'n studie te maak en voorligting te verskaf.

Met die veelvuldige pligte op hoofkantoor was dit egter vir die koshuisadviseur onmoontlik om al die koshuise te besoek en persoonlike kontak te maak. In 1946 is vir die eerste maal twee koshuisinspekteurs aangestel om toesig te hou oor die groot aantal

1) Onderwysblad vir Christelike en Nasionale Opvoeding, September 1941, 26.

2) Dir. Verslag 1946, 2.

koshuise wat in die afgelope jare tot stand gekom het en waarin meer as 12,000 leerlinge gehuisves is.[1] Hierdie pligte is aan A. A. van Wyk, vroeër hoof-onderwyser van die Happy Rest-skoolplaas, en P.J.Hugo, vroeër vise-hoof van die Middelburgse hoërskool, opgedra. Vanaf September 1946 het hulle ook die werksaamhede van R. S. Ferreira, vroeër sentralisasie-beampte en later organiseerder van die boerdery-aktiwiteite op skoolplase en sentrale skole oorgeneem. Hulle het hierdie poste beklee tot in 1950 toe die Departement die poste afgeskaf en die twee here op die gewone inspektoraat aangestel het.

Hierdie poste was egter nouliks tot niet gemaak toe die Departement weer in 1951 oorgegaan het tot die benoeming van 'n koshuisadviseur in die persoon van W. H. Myburgh, sodat daar tans weer voorligting aan superintendente en koshuissekretarisse beskikbaar is.[2]

Die boekhouding word van tyd tot tyd nagesien deur die Provinsiale Ouditeur. Alle geldsake word sorgvuldig deur hom gekontroleer om enige moontlike onreëlmatighede uit te skakel. In sy verslag word 'n duidelike uiteensetting gegee van die inkomste en uitgawes, asook 'n balansstaat vir die bepaalde tydperk.

3. Gesondheidstoestande.

Inspeksie van die gesondheidstoestand word gedoen onder toesig van die geneeskundige hoofinspekteur van skole, dr. F. Z. van der Merwe, bygestaan deur drs. J. C. Coetzee, C. E. Theron en A. Beyers, 'n hele aantal skoolverpleegsters en 'n dieëtkundige, Mev. F. M. Wells.[3] Slegs aan die volgende vier inrigtings (vroeër skoolplase) is 'n voltydse skoolverpleegster

1) Dir. Verslag 1946, 2.
2) Dept. Pamflet: Veldamptenàre 1951.
3) T.O.Dept.: Lys van Veldamptenare 1954.

verbonde: Loopspruitskool, Merensky- en Kuschke Hoërskool en Amsterdam Landbouhoërskool. Hulle moet toesien dat die algemene gesondheidstoestand van die kosgangers bevredigend is en in gevalle van malaria en epidemiese siektes moet die nodige voorsorgmatreëls getref word. Binne perke kan hulle ook aanbevelings maak oor die huisvesting van personeel, leerlinge en bediendes, verslae indien oor die watervoorsiening vir huishoudelike gebruik, sanitasie, badfasiliteite, kombuisgeriewe en verplegingsdienste wat in die koshuis gelewer kan word. In medewerking met die koshuisadviseur word gebalanseerde diëetskale saamgestel om aan te pas by die verskillende soorte koshuise, ingedeel volgens die plek waar dit geleë is en die maksimum losiesgeld wat betaalbaar is. Dit is vanselfsprekend dat dieselfde skaal nie van toepassing kan wees op koshuise waar die jaarlikse losiesgeld £68 en £24 onderskeidelik is nie.[1)]

4. <u>Buite-aktiwiteite</u>.

Nadat R. S. Ferreira se werksaamhede as sentralisasiebeampte verminder het, is die pos van buite-inspekteur in die lewe geroep. Dit het noodsaaklik geword, omdat die boerdery-aktiwiteite op skoolplase en sentrale so ŉ omvang aangeneem het, dat leiding werklik nodig was. Hierdie buite-aktiwiteite het ŉ onafskeidbare deel van die provinsiale koshuise, wat aan die inrigtings verbonde was, geword. Die plaas moes voorsien in die behoefte van die kosgangers wat vleis, melk, eiers, groente, vrugte en graan betref. Om hierdie bedrywighede op ŉ gesonde basis te bring en om korrelasie tussen die verskillende inrigtings te verkry, het die buite-inspekteur waardevolle dienste

---

1) Dir. Verslag 1948: Koshuisopgawes - hoogste en laagste losiesgeld betaalbaar in provinsiale koshuise.

gelewer. Soos reeds aangetoon, het A. A. van Wyk en P. J. Hugo hierdie pligte in 1946 oorgeneem en vanaf 1951 word van die gewone kringsinspekteur verwag om ook nog inspeksie te doen oor landbou, diereversorging en instandhouding van buitegeboue en uitrusting op sentrale skole en landbou-hoërskole.

(iii) Hoof en superintendent.

Artikel 10 van die Koshuisregulasies 1) bepaal dat die algemene toesig oor elke koshuis by die hoof van die skool, waaraan die koshuis verbonde is, berus, terwyl die onmiddellike beheer oor elke koshuis berus by die superintendent wat deur die Direkteur benoem word. In gevalle waar die hoof nie die superintendent is nie, moet laasgenoemde alle opgawes, verslae en briefwisseling oor koshuissake deur bemiddeling van sy hoof aan die Departement stuur.

Waar die provinsiale koshuis as 'n integrale deel van die skool beskou word, is dit vanselfsprekend dat die skoolhoof verantwoordelik moet wees vir die algemene gees van die kosinrigting en moet toesien dat die onderlinge verhouding tussen die skool en die koshuis op gesonde beginsels gebaseer is. Of die hoof egter self as superintendent moet optree, of hierdie magte aan een van sy seniorassistente moet delegeer, is nog nie 'n uitgemaakte saak nie. Die Provinsiale Onderwyskommissie van 1939 het aanbeveel dat die hoof die aangewese persoon is om hierdie pos te beklee en dat, as daar meer as een koshuis aan die skool verbonde is, hy nogtans as sodanig moet optree, maar dan in 'n afsonderlike huis sal woon met assistente as koshuisvaders(moeders) in elke inrigting.

1) Regulasies van toepassing op die oprigting en onderhoud en beheer van Skoolkoshuise; sien Bylae A.

In 'n artikel in die Onderwysblad vir Christelike en Nasionale Opvoeding [1] toon J. L. du Plooy aan dat daar onder die regulasies vier soorte superintendente voorkom: 1) Die skoolhoof wat inwoon. Volgens hom is daar sekere probleme aan so 'n reëling verbonde. Die hoof sou dan in die gedrang kom met ouers oor kleinere moeilikhede met hulle kinders en dit neem van sy tyd in beslag wat beter bestee kon gewees het. Deurdat hy in nouer kontak met assistent-onderwysers wat inwoon kom en hulle soms op pligsversuim moet wys, bring dit 'n gespanne atmosfeer mee wat kan deurwerk na die onderlinge verhouding in die skool. Omdat die werk van die superintendent veelvuldige pligte meebring, mag dit die hoof strem in die behoorlike uitvoering van sy ander werk en mag dit ook die skyn verwek dat hy misbruik maak van sy posisie om vir homself alle finansiële voordele toe te eien. Hy ontvang reeds 'n heelwat groter salaris as die assistente en nou wil hy nie aan een van hulle die geleentheid bied om as superintendent 'n finansiële voordeel te ontvang nie.

2) Die hoof wat nie inwoon nie. In dié geval geniet die hoof groot finansiële voordeel, aangesien hy die huis gratis bewoon en geen uitgawe aan sanitasie, water en ligte, wasgoed en selfs etes (indien hy dit so verkies) het nie. Alle verantwoordelikheid behoort hier aan die assistent-superintendente (huisvaders) oorgedra te word en hulle moet die eer kry vir goeie werk wat gelewer word.

3) 'n Assistent-onderwyser as superintendent. Met die gesluierde gesag van die hoof in die agtergrond word die assistent tot versigtigheid gemaan in die getroue uitvoering van sy pligte en in sy optrede teenoor die diensdoende personeellede. Dit is egter wenslik

---

1) Die Onderwysblad vir Christelike en Nasionale Opvoeding, September 1942, 12 - 16.

dat so 'n assistent nie die pos in 'n permanente hoedanigheid moet beklee nie. Na 'n sekere (of vasgestelde) tydperk behoort daar 'n verwisseling te kom sodat meer persone die voordele en ondervinding daaraan verbonde, kan kry.

4) 'n Privaat persoon. Die voordele daaraan verbonde dat 'n buitestander as superintendent optree, bestaan daarin dat hy baie meer tyd tot sy beskikking het om aandag aan al die besondere administratiewe aangeleenthede van die koshuis te gee. Waar hy egter geen bepaalde belange by die skool het nie, is dit baie moeilik om botsings met die inwonende personeellede uit te skakel wanneer sake soos diensure en toesig oor studie en buitemuurse aktiwiteite ter sprake kom.

As oplossing vir hierdie probleem beveel Du Plooy aan dat 'n assistent-onderwyser die aangewese persoon is om as superintendent op te tree, maar dan moet hy die nodige tegemoetkoming van die skoolhoof kry deurdat meer vryperiodes gedurende skoolure aan hom toegeken word en hy onthef word van alle buitemuurse verpligtinge. Hy moet verder 'n losstaande huis op die koshuisterrein bewoon sodat die huislikheid van sy gesinslewe nie heeltemal verlore gaan nie. Dit moet werklik 'n persoon wees na wie opgesien kan word; hy moet moeilikhede kan vooruitloop en 'n skakel vorm tussen die ouers, kinders, matrone en skool; hy bepaal die gees van die inrigting en indien dit ongesond is, kan so 'n koshuis nooit waarlik aan sy doel beantwoord nie.

Hierdie uiteensetting en pleidooi vir die assistent-onderwyser as superintendent kan nie sonder meer aanvaar word nie. Daar is elemente van waarheid by ingesluit, wat deur die hoof in gedagte gehou moet word, maar dit is geen wetenskaplike benadering van

die aangeleentheid nie, en alle soorte inrigtings kan nie met dieselfde maatstaf gemeet word nie. By sentrale skole byvoorbeeld, is hierdie dubbele beheer prakties onuitvoerbaar. Die sekretaris(esse), sowel as die plaasvoorman en die werksvolk sal tegelykertyd in diens van twee persone wees - botsings is gevolglik moeilik uit te skakel. En as die assistent-onderwyser nie die gewenste eienskappe besit nie, kan dit maklik lei tot wrywing met die diensdoende onderwysers met wie hy in die skool 'n gelyke status beklee. Alles in aanmerking geneem, skyn dit asof die hoof tog die aangewese persoon is, maar dan moet hy nog meer organisasietalent, bekwaamheid en deursettingsvermoë besit as wat vereis word in die geval van 'n hoof aan wie se skool daar geen kosinrigtings verbonde is nie.

Die algemene pligte en verantwoordelikhede van die superintendent is omskryf in verskillende artikels van die koshuisregulasies en in verdere opdragte wat hy van tyd tot tyd van die Departement ontvang. Hy dra die volle verantwoordelikheid vir die inwendige koshuisbeheer: administratief, organisatories, dissiplinêr en finansieel. Voordat 'n persoon diens kan aanvaar as superintendent van 'n provinsiale koshuis sal dit vir hom/haar nodig wees om 'n deeglike studie te maak van die koshuisregulasies 1) en departementele reëls, asook die omsendbriewe wat betrekking het op koshuissake.

(iv) Adviserende Koshuiskomitee.

Die Direkteur kan 'n koshuiskomitee van hoogstens sewe lede benoem om die hoof en superintendent van advies te bedien in verband met die bestuur van 'n koshuis of groep koshuise. 2) Hierdie komitees

1) Die bestaande koshuisregulasies, met die wysiginge wat van tyd tot tyd aangebring is, verskyn as Bylae A aan die einde van hierdie werk.
2) Koshuisregulasies, Artikel 2.

het geen besturende magte nie - dit berus by die superintendent. Die moontlikhede om die welsyn van die kosgangers en die doeltreffendheid van die inrigting te bevorder, is velerlei.[1)]

Inwoners van 'n skoolkoshuis vorm een groot familie onder die vaderlike sorg van die superintendent. Hy het baie pligte met betrekking tot voeding, behuising, gesondheid, sindelikheid en dissipline. Gevolglik het hy partymaal behoefte aan vriendskaplike bespreking en raadplegings met sy koshuiskomitee. Hy kom soms voor delikate sake te staan en met die oog op hierdie moeilikhede sal hy die komitee in sy vertroue neem en hulle soveel moontlik vooraf raadpleeg oor alle sake wat aanleiding kan gee tot wrywing met die ouers. Hy het aanspraak op die komitee se morele steun.[1)]

Om hierdie samewerking te verkry, moet die superintendent sy komitee uitnooi om te enige tyd die koshuis te kom besoek en hulle om hul mening vra, hulle raadpleeg oor aanbevelings aan die Departement insake aanwending van surplusgeld, benoemings, diensvoorwaardes en ontslag van koshuispersoneel en van inwonende onderwysers. Hulle moet op hoogte gehou word met die aantal kosgangers, die koshuispersoneel en hul pligte, amptelike rapporte van die kringsinspekteur en ander amptenare, tenders wat aangeneem en kontrakte wat gesluit word vir die verskaffing van koshuisvoorrade, wisselende finansiële posisie en die moontlike gevolge daarvan. Die superintendent moet die medewerking en die persoonlike invloed van die lede vra om die neiging wat 'n sekere klas ouer toon, naamlik dat die staat verantwoordelik is vir die hele onderhoud van die kind, te bestry sodat by sulke ouers

1) Die moontlikhede van 'n koshuiskomitee se pligte word uiteengesit in T.O.D. Pamflet: Komitees vir Provinsiale Koshuise, 1942.

ŉ sterker verantwoordelikheidsin jeens hulle kinders gekweek kan word. Hy moet vertroulike besprekings met sy komitee voer ten einde te verseker dat alle aanbevelings om losiesbeurse, insameling van uitstaande geld of afskrywing van agterstallige losiesgeld op ŉ billike, regverdige en onpartydige grondslag sal berus.

Lede van die komitee, as verteenwoordigers van die ouers, is geregtig om inligting te vra oor alles aangaande die welvaart van die kosgangers: bedrywighede na skoolure soos sport, ontspanning, godsdiens, studie, tuin- en plaaswerk, die toepassing van dissiplinêre voorskrifte veral in verband met skorsing van leerlinge, spesiale versorging van siek kinders, aard en bereiding van kos, skoonhou van kamers en buitegeboue, netheid en onderhoud van klere, tafellinne en beddegoed, versorging van plaasgereedskap en plaasdiere en toesig oor die behuising van naturellebediendes.

Daar is baie aangeleenthede wat met vrug op komiteevergaderings bespreek kan word en waardeur die welsyn van die inwonende leerlinge bevorder sal word en wat sal lei tot die vestiging en behoud van vertroue. Die organisasie van en beheer oor koshuise sal daarby baat en dit sal die posisie van die superintendent versterk. Dit is slegs deur die aanvaarding van die diensleuse dat koshuiskomitees tot ŉ seën vir die inrigting kan wees en die doel waarvoor hulle benoem is, kan uitvoer.

(v) Toesighoudende personeel.

Vir doeleindes van toesig en tug kan huisonderwysers(esse), na gelang van die geval, benoem word in die verhouding van een persooneellid vir elke dertig inwonende leerlinge of ŉ gedeelte daarvan. Dit is die plig van die hoof om, in oorleg met die

superintendent, huisonderwysers(esse) uit die plaaslike onderwyspersoneel te kies en om hulle name ter goedkeuring aan die Direkteur voor te lê, met dien verstande dat die Direkteur ook die verhouding kan wysig as daar voldoende redes aangevoer word.[1)]

Die hoofbestuur van die Transvaalse Onderwysersvereniging het in 1943 by die Departement aanbeveel dat hoofde van skole en koshuissuperintendente nie die mag sal hê om nie-inwonende assistente te verplig om koshuisdiens te doen nie.[2)] Die Departement het sy goedkeuring hieraan geheg en ook die hele kwessie van inwoning van personeellede aan koshuise duidelik uiteengesit.[3)] 'n Personeellid kan wettiglik verplig word om in 'n koshuis in te woon, maar die menslike faktor kan in aanmerking geneem word. Waar die hoof verantwoordelik is vir die benoeming van inwonende personeellede sal, waar enigsins moontlik, buitestaande persone nie in die hoedanigheid aangestel word nie. Inwoning kan op 'n rotasiestelsel georganiseer word, sodat aan almal die geleentheid gegee sal word om hulle verpligtinge in hierdie afdeling van die onderwys na te kom en deel te hê aan die voordele daaraan verbonde. As 'n persoon benoem word, kan hy alleen terugtrek as daar 'n plaasvervanger beskikbaar is en dié gewillig is om die diens te aanvaar. Die alternatief, as daar nie persone vir inwoning beskikbaar is nie, is om die inrigting te sluit. Tariewe is vir toesighoudende

---

1) Koshuisregulasies, Artikel 12; bewoording soos in regulasies gebruik.

2) Die Onderwysblad vir Christelike en Nasionale Onderwys, Oktober 1943.

3) Ibid, September 1946: Brief van die Onderwysdepartement aan die Transvaalse Onderwysersvereniging.

personeel, hul eggenotes en kinders vasgestel.[1)]

Die gevoel het by belanghebbendes ontstaan dat daar in die verlede dikwels regulasies en reëls deur die Departement opgestel is wat min verband en voeling toon met die praktyk. Om hierdie leemte uit die weg te ruim en om as 'n georganiseerde groep aanbevelings by die Departement te maak, is daar 'n koshuisbelangegroep onder beskerming van die Transvaalse Onderwysersvereniging in die lewe geroep. 'n Komitee, bestaande uit L. A. J. Geertsema (voorsitter), G. J. M. Coetzee (sekretaris) en W.J.M.Kirsten, J. Heyl, G. D. Geere, P. E. Streicher en dr. N. T. Blignaut (oorlede in Julie 1954), is saamgestel om die werksaamhede van hierdie groep te koördineer.[2)]

(vi) Huishoudelike personeel.

Anders as in die geval van superintendente en inwonende personeellede, het ons hier te doen met werknemers aan wie 'n salaris betaal word. Die superintendent moet, onderworpe aan die goedkeuring van die Direkteur, 'n geskikte persoon as matrone benoem. In elke koshuis met meer as 50 kosgangers, kan een of meer assistent-matrones benoem word. In 1946 het die Departement die aantal en graad van die betrekkings

---

1) Dept. Oms. No. 73 van 1953: Tariewe vir toesighoudende personeel, hul eggenotes en kinders.

| Koshuisgroep. | Toesighoudende personeel. | Eggenotes. |
|---|---|---|
| Onder £36 | £3 - 2 - 6 | £12 - 10 - 0 |
| £36 tot £50 | 3 - 12 - 6 | 14 - 10 - 0 |
| £51 tot £63 | 4 - 2 - 6 | 16 - 10 - 0 |
| £64 en hoër | 4 - 12 - 6 | 18 - 10 - 0 |

Kinders onder drie jaar woon kosteloos in; van drie tot ses jaar is die helfte van die gewone tarief vir leerling-kosgangers betaalbaar (maksimum van £7-10s. per skoolkwartaal) en vanaf sewe jaar die gewone tarief, maar met 'n maksimum van £9 per kwartaal.

2) Notule van T.O.-hoofbestuursvergadering, 5 Junie 1954.

op 'n vasgestelde basis toegeken.[1]

Ook is salarisskale vasgestel wat van toepassing sou wees op die huishoudelike personeel van provinsiale koshuise.[2]

Matrones en assistent-matrones word op drie maande proef aangestel. Hulle aanstellings kan in elk geval deur hulself of deur die superintendent met een kalendermaand beëindig word. By alle benoemings, bevorderings en ontslag van huiskoudelike personeel raadpleeg die superintendent sover moontlik sy koshuis-komitee alvorens hy sy aanbevelings by die Departement doen.[3]

In baie gevalle het die superintendente geen aansoeke ontvang waar die poste in nuusblaaie geadverteer is nie omdat salarisskale so ontoereikend was, met die gevolg dat hulle van die dienste van enige persoon gebruik moes maak, om darem iemand te hê om toesig te hou oor die voorbereiding van voedsel en die skoonmaak van die koshuis. Inspekteur J.A.Smuts rapporteer in 1947 as volg oor die aangeleentheid:

„Ek glo nie dat die belangrikheid van skoolkoshuise vir die algemene ontwikkeling, veral van ons rypere jeug, genoegsaam besef word nie. Vir duisende

1) Adm. Ken. No. 19 van 1946: Toekenning van aantal en graad van betrekkings van matrones en assist.-matrones.

| Aantal kosgangers. | Losiesgeld per jaar. Tot £24. Matr. | As.-Matr. | £25 - £48 Mat. | As.-Matr. | Bo £48 Mat. | As.-Mat. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Onder 30 | E | - | D | - | B | |
| 30 - 60 | D | - | C | - | A | |
| 61 - 100 | C | B | B | A | | |
| 101 - 150 | B | A + B | A | A + B | | |
| 151 - 250 | A | A + B | A | A + 2B | | |
| Bo 250 | A.Spes. | 2A + B | A.Spes. | A + 3B | | |

2) Salarisskale vir huishoudelike personeel:

| Graad. | Matrones. | Ass.-matrones. |
|---|---|---|
| E | £60 x £6 - £ 72 | - |
| D | £72 x £12 - £ 96 | - |
| C | £96 x £12 - £120 | - |
| B | £120 x £12 - £144 | £ 84 x £12 - £ 96 |
| A | £144 x £12 - £180 | £108 x £12 - £144 |
| A Spes. | £180 x £12 - £216 | - |

3) Prov. Koshuisregulasies; sien Bylae A.

4) Dir. Verslag 1947: insp. J. A. Smuts, 81.

hoërskoolleerlinge neem die koshuise gedurende baie maande van die jaar die plek van die ouerhuis in. Veral vir ons ouer dogters behoort die geleentheid geskep te word vir oefening in die kuns van skepping van 'n gelukkige en verfynde huis. Indien opgevoede dames (matrones) aan ons koshuise spesiaal vir hierdie doel benoem kan word, sal hulle oneindig veel vir ons dogters kan beteken."

'n Verbetering in hierdie toestand het egter eers moontlik geword vanaf Oktober 1953 toe hergradering en indeling van poste en nuwe salarisskale vir huishoudelike personeel in werking getree het.[1)]

Met die konsolidasie van lewenskoste is daar £50 by die salarisskaal van elke ongetroude lid van die huishoudelike personeel gevoeg, waarna hulle geen verdere lewenskostetoelae ontvang nie. Dames met afhanklikes ontvang nog toelaes volgens 'n vasgestelde skaal.[2)] Die Departement het besef dat kosinrigtings dit moeilik sal vind om die addisionele koste verbonde aan die vermeerdering van huishoudelike personeel met 'n verhoogde salarisskaal op die gewone wyse uit koshuisfondse te bestry. Deur statistiese verwerking van eenheidskostesyfers, deur die koshuisadviseur versamel, is verhoudingsnorms van die totale uitgawe vir „salarisse en lone" tot die inkomste uit die losiesgeld van leerling-kosgangers vir dorps- en landelike koshuise met gewone

1) Oms. No. 73 van 1953 oor huishoudelike personeel:

(a) Matrones.

| Inskrywing. | Aantal poste. | Salarisskaal. |
|---|---|---|
| Onder 50 | 1C | £240x£12 - £300. |
| 50 - 99 | 1C | £240x£12 - £300. |
| 100 - 199 | 1B | £276x£12 - £336. |
| 200 - 299 | 1A | £312x£12 - £372. |
| 300 en bo. | 1A | £312x£12 - £372. |

(b) Assistent Matrones.

| | | |
|---|---|---|
| Onder 50 | 1C | C: £132x£12 - £192. |
| 50 - 99 | 1B + 1C | B: £172x£12 - £232. |
| 100 - 199 | 1A + 1B + 1C | A: £192x£12 - £252. |
| 200 - 299 | 2A + 1B + 1C | |
| 300 en bo | 2A + 2B + 1C | |

2) Oms. No. 19 van 1954.

tariewe en stedelike koshuise soos volg saamgestel:

Dorps- en landelike . . . . . . . . ongeveer 20:100.

Stedelike koshuise . . . . . . . . ongeveer 25:100.

Na toelating van drie persent van bogenoemde inkomste vir die salaris van die sekretaris (esse) en vir 'n billike kwota van naturellebediendes, word die bedrag bepaal wat die koshuis kan dra aan salarisse vir sy blanke huishoudelike personeel. Hierdie bedrag bepaal dan die hulptoelae wat deur die Departement bygedra moet word, sodat die vasgestelde kwota personeel in diens geneem kan word. Vir superintendente van koshuise het dit nogtans onverstaanbaar gebly hoe die hulptoelae wat aan hulle bepaalde koshuis uitbetaal word, bereken is, met die gevolg dat onderwysersverenigings vertoë tot die Departement gerig het om 'n vereenvoudigde stelsel in die lewe te roep waardeur superintendente aan die begin van die jaar, wanneer hulle geldsake vir die jaar beplan, die juiste bedrag van hulle hulptoelae kan bepaal.

Aan hierdie versoek is voldoen en vanaf 1 Januarie 1955 sal hulptoelaes volgens 'n vasgestelde skaal aan koshuise uitbetaal word.[1)]

1) Dept. skrywe aan V.O.T.M.S.-hoofbestuur, ged. 20/10/54.

| Inskrywing. | Losiesgeld per jaar. | Getal huish. personeel. | Totale toelae aan koshuis. |
|---|---|---|---|
| Tot 49 | £36 | 2 | £210 |
| | £48 | | £180 |
| | £60 | | £150 |
| | £72 | | £120 |
| 50 - 99 | £36 | 3 | £300 |
| | £48 | | £255 |
| | £60 | | £210 |
| | £72 | | £165 |
| 100 - 149 | £36 | 4 | £380 |
| | £48 | | £320 |
| | £60 | | £260 |
| | £72 | | £200 |
| 150 - 199 | £36 | 4 | £360 |
| | £48 | | £300 |
| | £60 | | £240 |
| | £72 | | £180 |
| 200 - 249 | £36 | 5 | £450 |
| | £48 | | £375 |
| | £60 | | £300 |
| | £72 | | £225 |

(Vervolg onderaan volgende bladsy).

Volgens hierdie skaal sal daar 'n bedrag van £50,460 per jaar uitbetaal word aan die 163 provinsiale koshuise wat onder hierdie skema hulptoelaes vir die betaling van salarisse aan huishoudelike personeel ontvang.

b. Finansiële administrasie en voeding.

(i) Besonderhede deur regulasie vasgestel.[1)]

Elke koshuis moet die nodige stukke byhou soos deur die Administrasie bepaal en rekenings, finansiële registers en alle boeke, dokumente en bewysstukke in verband daarmee moet te enige redelike tyd beskikbaar wees vir inspeksie (ouditering) van 'n amptenaar wat deur die Direkteur of Provinsiale Sekretaris daartoe gemagtig is. Koshuisfondse, dit wil sê alle gelde wat aan die koshuis betaal word, moet uitsluitlik aangewend word vir die aankoop van kosware, meubels en uitrusting, besoldiging van koshuispersoneel en betaling van wasgoed, brandstof-, lig-, skoonmaak-, saniteits-, water- en ander huurdersgelde.

Sover moontlik moet alle artikels deur informele tender of goewermentskontrak aangekoop word. Alle goedere moet op die amptelike bestelvorms T.A. 4 aangevra word en alle betalings, uitgesonderd kleinkasbetalings, moet per tjek gedoen word. Vir die besoldiging van bediendes moet 'n tjek ten gunste van die superintendent getrek word en die uitbetaling moet gestaaf word deur

1) Vir volledige regulasies sien Bylae A.

(Vervolg van vorige bladsy)

| Inskrywing. | Losiesgeld. | Huish.Pers. | Tot.Toelae. |
|---|---|---|---|
| 250 - 299 | £36 | 5 | £425 |
| | £48 | | £350 |
| | £60 | | £275 |
| | £72 | | £200 |
| 300 en bo | £36 | | £510 |
| | £48 | | £420 |
| | £60 | | £330 |
| | £72 | | £240 |

gesertifiseerde loonstate, geteken deur getuies.

Vir alle geld wat inbetaal word, moet 'n amptelike kwitansie uitgereik word en hierdie bedrae moet so gou moontlik in die koshuis se bankrekening inbetaal word en duplikaat inlegstrokies moet gehou word. Debiet- en kredietinskrywings moet aan die einde van elke kalendermaand gebalanseer en met die bankinlegrekening in ooreenstemming gebring word. Vyf persent van die ontvangste van leerlingkosgangersgelde moet aan die einde van elke kwartaal opsy gesit word in 'n vervangingsrekening - nie in 'n aparte bankrekening nie.

(ii) <u>Pligte van die superintendent en die sekretaris-penningmeester</u>.

Artikel 14 van die koshuisregulasies bepaal dat die superintendent in oorleg met die skoolhoof en onderworpe aan die goedkeuring van die Direkteur 'n geskikte persoon kan benoem om as sekretaris-penningmeester op te tree. Die Direkteur sal die tarief van besoldiging en voorregte aan die pos verbonde, bepaal.[1) Die salaris mag nie meer as drie persent van die inkomste wat uit die losiesgeld van leerlingkosgangers verkry is, wees nie en moet uit kosgeld betaal word.[2)]

By die benoeming van 'n penningmeester kan die superintendent een van die volgende persone vir benoeming aanbeveel:

1) <u>Hy kan self in die hoedanigheid optree</u>. Dit sal in die reël alleen gebeur by kleiner inrigtings waar die fondse so min is dat 'n ander persoon nie benoem kan word nie.

2) <u>Een van die inwonende personeellede</u>. Volgens die jongste beleid is die Departement nie ten

1) Koshuisregulasies, Art. 17 (b) (iii).
2) Oms. No. 73 van 1953.

gunste van so 'n benoeming nie. As rede hiervoor kan aangevoer word dat so 'n persoon in die reël onthef word van ander dienste en daarbenewens addisionele besoldiging ontvang wat ontevredenheid by mede-inwonende personeellede kan wek. Dit is egter van die superintendent se standpunt beskou 'n voordelige reëling as die penningmeester altyd byderhand is.

3) <u>'n Lid van die skoolpersoneel wat nie inwoon nie</u>.

As so 'n geskikte persoon te vinde is, kan dit aanbeveel word. Hy stel belang in die verskillende vertakkinge van die skool se bedrywighede en word terselfdertyd in so 'n posisie geplaas om finansieel bevoordeel te word.

4) <u>Iemand van buite</u>.

In hierdie geval is die voordeligste reëling as die pos verbind kan word met dié van die skool se sekretaresse, selfs wanneer daar meer as een koshuis aan die skool verbonde is. Daar is dan meer fondse beskikbaar om die dienste van 'n bekwame voltydse sekretaris (esse) te verkry en 'n sentrale kantoor kan by die skool ingerig word: daar is daagliks kontak met die superintendent moontlik en ouers is ook maklik bereikbaar.[1)]

'n Belangrike taak is die opstelling van halfjaarlikse finansiële state, wanneer die ontledingsboek vir eenheidskostesyfers voltooi word en waarin volle besonderhede verstrek word van die verbruikbare voorrade wat op hande is. Hierdie opgawe (T.O.D. 171) moet 'n duidelike weergawe wees van die werklike finansiële posisie van die inrigting en vereis sorgvuldige aandag. Nie alleen kan die superintendent hieruit vasstel of die posisie kerngesond is nie, maar ook of die verhouding van die verskillende uitgawe-items aan

1) Dept. reëls i.v.m. prov. koshuise, 9.

standaard vereistes beantwoord en of dit moontlik is om met die beskikbare fondse uitvoering te gee aan die aanbevelings van die diëetkundige.[1)]

(iii) <u>Berekening van eenheidskostesyfers en die toepassing daarvan op die finansiële administrasie van koshuise</u>.

Eenheidskostesyfers kan omskryf word as die werklike uitgawekoers per kind per dag vir 'n bepaalde item. As die eenheidskostesyfer vir vleis byvoorbeeld vir 'n sekere tydperk £0.0129 is, beteken dit dat die gemiddelde uitgawe aan vleis per kind daagliks £0.0129 was, dit wil sê ongeveer drie pennies. Daar moet nou in die eerste plek vasgestel word wat die totale werklike uitgawe vir elke afsonderlike item vir die bepaalde tydperk was. In die geval van eetware moet die voorrade aan die begin van die periode in berekening gebring word, asook alle voorrade wat ontvang is, afgesien daarvan of 'n uitbetaling daarvoor gemaak is al dan nie. Die hulptoelaes vir matrones moet afgetrek word van die totale bedrag wat aan salarisse en lone uitbetaal is, aangesien hierdie berekening net van toepassing is op die inkomste van leerlingkosgangerlosiesgeld. Die berekenings word gemaak en aangetoon in die ontledingsboek vir eenheidskostesyfers.

Om die deler te bereken moet daar in aanmerking geneem word dat daar konstante (salarisse, sanitasie, ens.) en nie-konstante (eetware) uitgawes is. Vir die konstante uitgawes word 'n jaar as 310 koshuisdae, 'n halfjaar as 155 en 'n kwartaal as 77.5 dae beskou. Deur meer dae te neem as wat die werklike koshuiskalenderjaar is - vir 1954 is dit 281 dae - word daar

1) Oms. No. 59 van 1951, aangevul in „Uiteensetting van koshuisfinansies", opgestel deur W.H.Myburgh, koshuisadviseur, Mei 1954.

voorsiening gemaak vir die onderhoudskoste van die personeel en vakansietye, wanneer die koshuis nooit werklik as 'n geslote eenheid beskou kan word nie. Vir die berekening van die deler van nie-konstante uitgawes word die lengte van die kwartale as uitgangspunt geneem en word daar jaarliks deur die Departement bepaal hoeveel koshuisdae per kwartaal vir die doel in berekening gebring sal word.

Nadat die gemiddelde koshuisbesoek vasgestel is - een vyfde word afgetrek vir elke twee weke van onafgebroke afwesigheid - kan die delers vir die halfjaar as volg bereken word:

Vir konstante uitgawes - $155 \times \frac{(106\frac{1}{5} + 103\frac{2}{5})}{2}$ en

vir nie-konstante uitgawes $(86+73) \times \frac{(106\frac{1}{5} + 103\frac{2}{5})}{2}$,

waar die gemiddelde inskrywing vir die bepaalde twee kwartale - met 86 en 73 dae onderskeidelik - $106\frac{1}{5}$ en $103\frac{2}{5}$ was. By die vasstelling van die gemiddelde koshuisbesoek word personeellede se kinders, wat ouer is as ses jaar, ook in berekening gebring. Die totale uitgawe vir elke item onder groep A [1)] word dan gedeel deur die deler vir nie-konstante uitgawes en onder groep B [1)] en C deur die deler vir konstante uitgawes. Die bydrae tot reserwerekening val weg.

Verbruikerseenhede,[2)] dit wil sê, wat die aantal,

---

1) Sien T.O.D. 171 onder Bylae C.
2) Voorbeelde van verbruikerseenhede:
(a) Brood:

| | |
|---|---|
| Eenheidskostesyfer | = £0.0076 |
| | = 2d. (ongeveer) |
| Prys van brood | = $6\frac{3}{4}$d. per 2 lb. brood. |
| $6\frac{3}{4}$d. gee | 32 onse brood. |
| 2d. gee | $\frac{32 \times 2}{6\frac{3}{4}}$ = 9.5 onse. |

(b) Melk:

| | |
|---|---|
| Eenheidskostesyfer | = £0.0127 |
| | = 3d. (ongeveer) |
| Prys van melk | = 3/3 per gelling. |
| 39d. koop | 8 pinte melk. |
| 3d. koop | $\frac{8 \times 3}{39}$ = .62 pinte. |

gewigs- of inhoudsmate van 'n sekere soort voedsel wat per kind per dag gebruik is, moet wees, kan deur middel van eenheidskostesyfers bepaal word.

Die dieëtkundige stel rantsoenskale vas, waarin die minimum vereistes vir 'n gebalanseerde dieët vir die verskillende soorte koshuise aangetoon word.[1) ] as hierdie gegewens vergelyk word met dié wat verkry is van die eenheidskostesyfers, kan dadelik vasgestel word of die hoeveelhede wat verbruik word korrek is of nie. In die geval van brood (soos in voetnoot bereken) is die verbruik te hoog en kan die toekomstige weeklikse bestellings bereken word deur die huidige bestelling met $\frac{8}{9.5} = \frac{16}{19}$ (naastenby) te vermenigvuldig terwyl die melkverbruik effens te laag is en met $\frac{.75}{.62} = \frac{5}{4}$ (naastenby) vermenigvuldig moet word om ooreenstemming met die departementele vereiste te verkry.

Om die gemiddelde pryse vir die berekening van verbruikerseenhede vas te stel, kan die volgende wenke as leidraad dien:

(a) Kruideniersware: Gemiddeld 6½d. per pond plus spoorvrag indien voorrade van elders bestel word.

(b) Brood: As brood van die bakker bestel word (2 pond elk) moet die verhouding wit tot bruin in berekening gebring word en as brood in die koshuis gebak word, kan as reël aanvaar word dat twee pond meel 2¾ pond brood gee.

---

1) Uiteensetting van koshuisfinansies deur W.H.Myburgh: Voorbeeld van 'n dieëtskaal vir 'n laerskoolkoshuis.

| Daaglikse voorrade (per persoon) | Departementele dieëtkundige. | Volgens statistiese opgawes. |
|---|---|---|
| Kruideniersware | 7½ onse | 7½ onse |
| Vleis en vis | 5.6 onse | 4½ onse |
| Brood | 8 onse | 8 onse |
| Melk | ¾ pint | ¾ pint |
| Botter, vet, kaas | 1½ onse | 1½ onse |
| Eiers | .6 | .6 |
| Vars vrugte en groente | 19 onse | 13 onse. |

(c) Vleis en vis: Totale uitgawe ÷ totale gewig.

(d) Vrugte en groente: Soos hierbo; normaalweg behoort dit te wissel tussen 2½d. en 3½d. per pond.

(e) Melk en eiers: Totale ~~gewig~~ uitgawe ÷ totale hoeveelhede.

(iv) <u>Vooruitbeplanning om uitgawes aan te pas by die inkomste en vasgestelde standaarde van voedingvereistes.</u> [1)]

As 'n superintendent die beskikbare geld op die beste wyse wil bestee, sal dit vir hom nodig wees om aan die begin van die jaar die volgende berekeninge te maak: 1) <u>Beraming van inkomste</u>.

As die verwagte totale inkomste bereken word, moet daar onderskei word tussen die losiesgeld van laer- en hoërskoolleerlinge en die geld wat betaal word ten opsigte van die kinders van inwonende personeellede. Die volgende voorbeeld dien ter verduideliking:

| | | |
|---|---|---|
| 35 hoërskoolleerlinge x £48 | £1720 | |
| 102 laerskoolleerlinge x £42 | £4284 | £6004 |
| 5 personeellede x £14-10 | 72 - 10 | |
| 2 vrouens x £58 | 116 | |
| Kinders van personeellede: | | |
| 2 (bo 7 jaar) x £36 | 72 | |
| 1 (4 jaar) - ½ x £42 | 21 | |
| Besoekers | 15 | |
| | £6300 - 10 | |

Die moontlike uitgawekoers per kind per dag sal wees $\frac{£6300}{310 \times 137}$ = £0.148 = 2s. 11½d. per dag.

Om voorsorg te tref vir onvoorsiene bykomstige uitgawes - verhoging van pryse, te groot uitgawes vir die eerste kwartaal voordat werklike eenheidskostesyfers beskikbaar is, ens. - is dit nodig om 'n vyf persent denkbeeldige winsgrens te laat en voorsiening te maak

1) W. H. Myburgh: Uiteensetting van koshuisfinansies, 58.

vir die vervangingsfonds, wat vyf persent van die kosgangergeld is.

| | |
|---|---|
| Totale inkomste | £6300 |
| 5 persent winsgrens | 315 |
| Vervangingsfonds (5 persent van £6004) | 300 |
| Beskikbare saldo vir ander uitgawes | £5685 |

= £0.1331 per kind per dag, dit is 2s. 8d. Om nou binne die grens van die inkomste te bly, behoort die daaglikse uitgawe per kind nie meer as 2s. 8d. te wees nie.

2) Beplanning van uitgawes.

Volgens statistieke wat oor 'n aantal jare verstrek is, was dit vir die koshuisadviseur moontlik om vas te stel dat die verhouding van kosware tot lopende uitgawes (salarisse, lone, water, ligte, ens.) 11 : 8 is - 55 en 40 persent onderskeidelik van die totale uitgawe - in die geval van gewone dorpskoshuise, terwyl dit in die geval van stadskoshuise 47 en 48 persent onderskeidelik is. In die eerste geval vorm salarisse en lone 20 persent en by die tweede geval 25 persent van die totale uitgawe, waarvan 3 persent aan die penningmeester toegewys word.

Met hierdie gegewens, die departementele diëetskale en toelaeskaal vir matronesalarisse tot sy beskikking, kan die maandelikse uitgawes vir elke uitgawe-item tot 'n groot mate gekontroleer word.

a) Salarisse en lone (uitgesonderd dié van die penningmeester):

Maandelikse bedrag beskikbaar $= \frac{17\% \text{ van } £5685 + £380}{12}$

$= \frac{£964 + £380}{12}$

$= £112.$

1) W.H.Myburgh: Uiteensetting van koshuisfinansies, 43.

b) Eetware:

As voorbeeld kan die geval „vleis en vis" geneem word, waar die vereiste volgens die diëetskaal 5.6 onse per kind per dag is en waar die gemiddelde prys, gebaseer op die vorige kwartaal se totale uitgawe en gewig 1s. 6d. per pond is.

Totale verbruik vir jaar = $\frac{5.6 \times 137 \times 310}{16}$ pond.

(Dit is vir 310 dae = $10\frac{1}{3}$ maand. Tevore is daar reeds gemeld dat die aantal koshuisdae op 310 vasgestel is om voorsiening te maak vir personeel en vakansies).

Dus verbruik per maand (vir almal) = $\frac{5.6 \times 137 \times 310}{16 \times 10\frac{1}{3}}$ pd.

Beraamde koste per maand vir vleis en vis

$$= \frac{5.6 \times 137 \times 310}{16 \times 10\frac{1}{3}} \times 1/6$$

$$= \frac{£5.6 \times 137 \times 310 \times \frac{3}{40}}{16 \times 10\frac{1}{3}}$$

$$= £5.6 \times 137 \times 310 \times \frac{3}{40} \times \frac{3}{496}$$

$$= £108 \text{ (naastenby).}$$

Waar ons hier deur $10\frac{1}{3}$ gedeel het, en die werklike koshuisjaar (280 dae) $9\frac{1}{3}$ maand is, kan die beraamde £108 as baie konserwatief beskou word. Uit statistieke kon die koshuisadviseur vasstel dat die koste om tien persone te voed nagenoeg dieselfde is as om elf persone te voed en dat dit raadsaam is om liewers aan die lae kant te beplan en dan later aan te vul indien fondse daarvoor beskikbaar blyk te wees.

3) Beplanning vir gereelde naweekafwesighede.[1)]

Indien 'n groot groep kinders gereeld gedurende naweke van die koshuis afwesig is, moet dit in berekening gebring word, anders mag die werklike verbruik

1) W.H.Myburgh: Uiteensetting van koshuisfinansies, 51 - 53.

die indruk skep dat die beraming te hoog was. Om hierdie vermindering aan te toon, word daar twee delers vir die berekening van die eenheidskostesyfers bepaal, een waarvan die gereelde afwesighede insluit. Veronderstel dat die werklike aantal koshuisdae vir die eerste twee kwartale 70 en 94 is (soos vir 1954), dat die verwagte gemiddelde inskrywing 135 is en dat daar in die tydperk 19 naweke van twee dae elk is, wanneer gemiddeld 80 persent van die kosgangers afwesig sal wees.

Die gewone deler is (70 + 94) x 135 = 22,340.

Wanneer die beplande naweekafwesighede in berekening gebring word, is die deler 22,340 - 80% van 135 x 38

= 22340 - 4104 = 18236.

Die verhouding is 22340 : 18236

= 22 : 18 (naastenby)

= 11 : 9.

Om die beraamde bedrag wat verkry is, sonder inagneming van naweekafwesighede nou te herlei tot die bedrag waar dit wel in berekening gebring word, sal die £108 vermenigvuldig word met $\frac{9}{11}$ wat 'n maandelikse uitgawe van naastenby £88 vir „vleis en vis" sal wees.

Op dieselfde wyse soos hierbo aangetoon, kan elke uitgawe-item vir eetware vooraf beplan word. Waar die totale maandelikse bedrag wat beskikbaar is vir eetware $\frac{55\% \text{ van } £5685}{10\frac{1}{3}}$ = £303 is, kan die superintendent nou vasstel of hy elke maand binne die perke van sy inkomste bly. Indien sy totale beraamde uitgawe vir eetware hierdie merk oorskry, is daar nie veel rede vir bekommernis nie, want daar is 'n denkbeeldige winsgrens van £315 wat met die loop van die jaar kan verdwyn.

4) <u>Voordele van vooruitbeplanning</u>.

'n Aantal in die ooglopende voordele verbonde aan

hierdie planmatige benadering van die finansiële administrasie van 'n koshuis is die volgende:

a) Dit is moontlik om aan die einde van die eerste maand al vas te stel of die voedsel-verbruik ooreenkoms toon met dié van die departementele diëetskale.

b) Enige buitensporige of abnormale klein uitgawe vir 'n bepaalde item in 'n sekere maand sal onmiddellik onder die soeklig geplaas kan word.

c) Dit sal nie nodig wees om aan die einde van die jaar met 'n tekort af te sluit nie, want die vinger word op die pols gehou en die nodige stappe kan gevolglik betyds gedoen word om dit te verhoed.

d) 'n Klein tekort aan die einde van die eerste halfjaar sal as 'n natuurlike verloop van sake beskou word, omdat die werklike aantal koshuisdae meer is as dié van die tweede halfjaar. [1)]

'n Halfjaarlikse finansiële koshuisstaat (T.O.D. 171) vir die eerste halfjaar van 1954 toon egter 'n batige saldo van £445-15-9 vir die tydperk 1 Januarie tot 30 Junie.[2)] As in aanmerking geneem word dat daar nie juis veel bespaar kon word op die lopende koste nie en dat die werklike koshuishalfjaar ongeveer 5½ maande (164 dae) was in vergelyking met die 4½ maande (136 dae) van die tweede koshuishalfjaar, bemerk ons hier 'n gebrek aan beplanning. As op dieselfde wyse voortgegaan word, sal daar waarskynlik 'n batige saldo van $\frac{11}{9}$ x £445 = £550 vir die tweede halfjaar aangetoon word, wat dit op 'n totale wins van ongeveer £1000 vir die jaar te staan sal bring.

Waar die verwagte totale inkomste naastenby 2 x £2400, dit wil sê £4800 sal wees, sal ons hier

---

1) W.H.Myburgh: Uiteensetting van koshuisfinansies.
2) Hugenote Koshuis, Ermelo: Opgawe vir die tydperk 1 Januarie tot 30 Junie 1954.

nie ŉ denkbeeldige, maar ŉ werklike wins van 21 persent van die totale inkomste vir die jaar kry.

c. Geboue en terreine.

Nadat die provinsiale koshuisstelsel in werking getree het, is die bouprogram aansienlik uitgebrei. Vergeleke met ŉ jaarlikse uitgawe van meer as £500,000 gedurende die jare 1936 tot 1938, het die uitgawe aan geboue vir die een-en-twintig voorafgaande jare gemiddeld minder as £150,000 per jaar beloop.[1)] Die Provinsiale Administrasie was genoodsaak om baie ondoeltreffende geboue oor te neem. Dit was nou nodig om die vereistes vir koshuisgeboue nader te omskryf. Wenke is gevra en is ontvang van skoolrade, beherende liggame en inspekteurs van onderwys. Aan inspekteurs J.C.Pauw, I.B. Murray en F.J. Otten is die taak opgedra om, in samewerking met J.B. Dey, die provinsiale argitek, hierdie wenke tot ŉ eenheid saam te snoer. Hulle aanbevelings is gepubliseer [2)] en het die grondslag gevorm vir die beplanning van koshuisgeboue wat na 1938 opgerig is.

As algemene oorwegings word vermeld dat die sorg by ŉ inrigting van watter aard ook, ŉ swak plaasvervanger is van dié van ŉ goeie huis. Wanneer die opvoeding, om doeltreffend te wees, ŉ beleid van voltydse sorg van kinders vereis, is dit noodsaaklik om die beste moontlike plaasvervanger van die huis te voorsien. Dit sal ŉ groter kapitaalbelegging as wat in die verlede gebruiklik was, beteken, maar sal grootliks bydra om aan die verstandelike, sedelike en liggaamlike ontwikkeling van die kind reg te laat geskied.

(i) Soorte koshuise.

Die volgende is tipiese voorbeelde van

1) Dir. Verslag 1938, 28.
2) T.O.D. Pamflet: Wenke betreffende die ontwerping van skool- en koshuisgeboue, 1938.

koshuise wat in 1938 (en vandag nog) bestaan het:

1) Vir hoërskole in stedelike gebiede.

Aan hierdie soort skool is daar vyf soorte koshuise verbonde: Die op sigself staande koshuis van middelmatige grootte vir 40 tot 60 seuns of meisies (byvoorbeeld dié by King Edward Vll en Pietersburg), 'n tehuisstelsel met 30 tot 50 kosgangers in elke huis en gemeenskaplike proviandering vir twee of meer huise (Hoër Volkskool, Potchefstroom), groter op sigself staande koshuise vir 60 tot 120 kosgangers van dieselfde geslag (Hoër Volkskool, Heidelberg), 'n huisstelsel van 12 tot 18 kosgangers met gemeenskaplike proviandering (Middelburg) en laastens 'n tehuisstelsel vir seuns en meisies - 30 tot 50 van elke geslag - met afsonderlike eetkamers maar 'n gemeenskaplike kombuis (Klerksdorp).

2. Vir laerskole in stedelike en half-stedelike gebiede.

Die huis- en tehuisstelsel is hier minder prakties en word daar gewoonlik net op sigself staande koshuise aangetref waarin 40 tot 130 leerlinge gehuisves word, in sommige albei die geslagte en in ander weer seuns of meisies afsonderlik.

3. Vir skoolplase en gesentraliseerde laerskole.

Oor die algemeen word die planne hiervan gebaseer op die huisstelsel (12 tot 20 kosgangers in elkeen) of die tehuisstelsel (40 tot 80 kosgangers) met 'n gemeenskaplike eetsaal en proviandering vir almal, waar die totale getalle wissel van 80 tot 240.

(ii) Terreine.

'n Minimum grootte van twee akkers word deur die komitee[1] aanbeveel en daar moet 'n beskikbare watervoorraad van tenminste 1500 gellings per uur wees. Grond met 'n effens noordelike helling

1) T.O.D. Pamflet: Wenke vir Koshuisgeboue.

verdien voorkeur. Die moontlikheid van boomaanplanting en die uitlê van blom- en groentetuine en speelterreine moet in gedagte gehou word. As dit enigsins moontlik is, moet die koshuis in die nabyheid van die skool opgerig word, en in gevalle waar plasslike besture nog nie voorsiening gemaak het vir 'n rioleringstelsel nie, moet die terrein so gekies word dat die daarstelling van 'n waterrioolstelsel vir die koshuis moontlik sal wees. Planmatigheid moet die kenmerk wees van die uitlê van die terrein, terwyl die ingange en omheining 'n bydrae moet lewer tot 'n aangename geheelindruk.

(iii) Boukenmerke.

Die boustyl moet by uitstek Suid-Afrikaans wees en hoewel opvoedkundige oorwegings die vernaamste is, sal klimaats-, ekonomiese- en maatskaplike faktore in aanmerking geneem word wanneer die argitek sy planne ontwerp. Eenvormigheid wat die voorkoms van koshuise betref, is nie wenslik nie. Dit moet die indruk van 'n huislike atmosfeer skep; 'n koshuis moet nie net beskou word as 'n plek waar mens eet en slaap nie.

Wanneer die uitwendige struktuur beplan word, moet daar voorsiening gemaak word vir genoeg veranda-ruimte. Ook moet die koshuis bestand wees teen miere, rotte, vlermuise, kakkerlakke en muskiete (laasgenoemde veral in malariastreke). Eienskappe van die inwendige struktuur moet wees: klank- en stofdigtheid, duursaamheid, ruimte-besparing, skoonmaakgerief en 'n netjiese voorkoms. Aanvangskoste moet hier nie die beslissende faktor wees nie. Soveel meubels as moontlik moet in al die geboue ingebou word volgens die standaardplanne wat deur die Departement goedgekeur is en deur die provinsiale argitek verskaf word. Binnemure moet tot

op 'n hoogte van vier voet van gladde bakstene gebou wees of geverf word, terwyl die res met stopverfpleister afgewerk en gekleur moet word. 'n Paar ornamentele vuurherde op geskikte plekke in die gebou sal bevorderlik wees vir die skepping van 'n huislike atmosfeer.

(iv) Algemene inwendige aanleg.[1]

1) Slaaplokale. Vir die kosgangers word voorkeur gegee aan 'n langwerpige slaapsaal met een ry beddens (maksimum van twaalf), met kruisventilasie en regstreekse sonlig gedurende een of ander tyd van die dag. Voorsiening moet gemaak word vir vyf-en-veertig vierkante voet vloerruimte per bed en minstens 2 voet 6 duim tussen die beddens. 'n Afsonderlike slaapkamer van 10 by 12 voet sal vir twee huisprefekte beskikbaar gestel word. (Een prefek vir elke tien tot sestien kosgangers). 'n Sluitkissie (of 'n afdeling van die ingeboude kaste) en 'n kissiestoel per bed en 'n spieël vir elke drie tot vier kosgangers is voldoende uitrusting.

Vir die huisvader moet daar 'n op sigself staande woonstel met ten minste twee slaapkamers wees, vir elkeen van die toesighoudende personeellede 'n afsonderlike slaapkamer (met gemeenskaplike badkamer) en so ook vir die huishoudelike personeel.

2. Was- en badkamers.

'n Verkleekamer, toegerus met sluitkissies en houtbanke is noodsaaklik vir seunskoshuise. Waskamers moet binne 'n gerieflike afstand van die slaapsale aangebring en die mure met teëls uitgelê word. Warm en kou water moet aangelê word. Vir seuns is een stortbad vir elke 12, een bad vir elke dertig en een wasbak vir elke 6 nodig, terwyl vir dogters daar meer baddens moet wees - een vir elke 12. Alleen vaste

1) T.O.D. Pamflet: Wenke vir Koshuisgeboue.
2) Clay: Modern School Buildings - Elementary and Secondary.

uitrusting - kapstokke, droogmaakrollers en een spieël vir elke twee wasbakke - is hier nodig.

3. Woon- en studeerkamers.

Die studeersaal en geselskamer moet toeganklik wees van die stoepe af, genoeg deure en vensters hê en behalwe vir tafels en stoele, voorsien wees van netjiese sluitkissies, ingeboude boekrakke, gordyntoebehore en 'n kennisgewingbord. Die geheelindruk moet netjies wees. By middelbare- en hoërskole kan daar voorsiening gemaak word vir kleiner lees- en skryfkamers, terwyl die aantal musiekkamers in die verhouding van een tot elke 20 - 30 kosgangers moet wees. Vir die huisvader en sy gesin is 'n sit-woonkamer sowel as 'n studeerkamer noodsaaklik, een studeer-sitkamer vir elke twee personeellede en 'n sitkamer vir die matrone.

4. Proviandering.

Die eetkamer moet 'n ruim, sonnige en aangename vertrek wees met dubbele deur wat na die stoep lei. Ten minste twee ingeboude buffets, 'n ornamentele kaggel en 'n paar mooi skilderye sal help om 'n gesellige atmosfeer te skep. 'n Stofdigte, moderne kombuis met wit teëls tot op 'n hoogte van vyf voet, 'n vloer van beton of plaveistene, 'n goedgekeurde stoof wat aanpas by plaaslike omstandighede, warmwaterinstallasie en 'n ingeboude bewaarplek vir kombuisgereedskap is noodsaaklik. Langs mekaar en grensende aan die kombuis is die opwaskamer en opdienkamer waar voldoende rakke, laaie, opwasbakke, dreineerplank en dienluik met tafelblad aangebring moet word. 'n Spens met 'n aparte provisiekamer (en by groter inrigtings ook nog 'n sentrale voorradekamer) moet ruim voorsien wees van vyftienduim-breë rakke, provisiekaste of blikke en muurkaste met skuifdeure. 'n Groentewasbak en dreineerplank óf in 'n klein gangetjie óf op die

kombuisstoep - is nodig vir die voorbereiding van groente en was van potte en panne. Verkoeling is 'n verdere vereiste waar die grootte van die inrigting die omvang van die stelsel sal bepaal.

5) Huishoudelike bestuur.

'n Algemene kantoor naby die hoofingang van die gebou is nodig in die geval van groter koshuise vir die behoorlike uitvoering van die superintendent en penningmeester se administratiewe pligte, 'n linnekamer naby die matrone se slaapkamer, 'n sorteerkamer vir wasgoed naby die geselskamer en 'n bagasiekamer, voorsien van groot latwerkrakke. Waar die wasgoed op die terrein gewas word, moet voorsiening vir 'n aparte gebou met die nodige uitrusting vir was- en strykgeriewe opgerig word. Ander noodsaaklike buitegeboue is 'n algemene pakkamer, 'n steenkool- en houtskuur, garages vir die personeel se motorkarre en fietsloodse, asook bediendekamers.

6. Gesondheid- en diensstelsels.

'n Klein kamertjie, ingerig as 'n kliniek, moet beskikbaar wees vir noodhulp en die behandeling van klein ongevalle, terwyl siekekamers op gerieflike plekke in die koshuis ingerig moet word vir toesig deur die matrone of assistent-matrone. By groter inrigtings is dit wenslik dat daar 'n afsonderlike hospitaalafdeling, of selfs 'n losstaande hospitaalblok (soos by skoolplase) sal wees.

Selfs by die kleiner plattelandse koshuis is dit noodsaaklik om waterklosette op te rig. 'n Septiese tenk en dubbele stelle Franse riole kan in die behoefte voorsien al is die terrein nie baie groot nie. Opvangplekke vir vetterigheid moet verskaf word. 'n Voldoende watervoorraad is 'n eerste vereiste vir enige koshuis sodat

water vir menslike gebruik, vir wasgeriewe, die riolering-stelsel en tuinery altyd beskikbaar sal wees. By groter skole kan selfs die aanbou van 'n swembad ernstige oorweging geniet.

Daar behoort verder voorsiening gemaak te word vir een of ander wyse van verwarming, hetsy deur middel van 'n sentrale verwarmingstelsel, kaggels, smoorstowe of elektriese paneelverwarming, toegerus met termostatiese kontrole. Toestelle vir die verskaffing van elektriese lig moet geïnstalleer word as daar geen plaaslike elektriese krag verkrybaar is nie. 'n Aantal doeltreffende weerligafleiers is nodig, asook brandblussers en afsonderlike branduitgange in groot geboue. In streke waar hael dikwels voorkom, moet daar aan dié kant van die gebou, wat in die slag van die heersende rigting van haelstorms is, klein ruitjies van sterk glas ingesit word.

7. Algemeen.

Skoolhoofde, superintendente en adviserende koshuiskomitees het vandag wel deeglik 'n seggenskap in die opstelling van planne vir nuwe koshuisgeboue of wysiginge aan ou geboue om dit meer doeltreffend te maak. Daarom is dit noodsaaklik dat hulle kennis sal dra van die algemene vereistes wat ten grondslag lê aan die behoorlike en praktiese inrigting van 'n gebou (of geboue). Die provinsiale argitek besef dat daar tevredenheid gegee moet word aan die persone wat die gebou gaan bewoon en wat vir die toesig verantwoordelik sal wees. Daarom is dit hulle beleid om die voorlopige planne eers ter goedkeuring aan die plaaslike gesaghebbende persone voor te lê. Indien daar wysiginge aanbeveel word, en dit word goed gemotiveer, sal hierdie aanbevelings in die finale planne ingesluit word.[1]

1) Skrywer hiervan se voorgestelde wysiging i.v.m. die Hugenote Koshuis, Ermelo, is in die finale planne ingesluit, 1952.

Waar geboue oor 'n tydperk van baie jare met wisselende boukoste opgerig is, en waar baie minder doeltreffende geboue deur die Administrasie aangekoop en later verbeter is, is dit nie moontlik om te bepaal wat die gemiddelde kapitale koste is om 'n kind in Transvaal in koshuise te huisves nie. Om enigsins 'n betroubare syfer te bepaal, sou dit nodig wees dat die provinsiale bou-inspekteurs alle tans bestaande geboue moet herwaardeer en die totale kapitaalwaarde verdeel deur die maksimum goedgekeurde akkommodasie. Die wisselende koste van geboue kan uit die volgende gegewens afgelei word: Op Bethal het die Administrasie twee kerkkoshuise, wat in 1922 opgerig is, met 'n akkommodasie vir 120 leerlinge, later vir £25,000 aangekoop (£216 per kosganger), terwyl daar vanjaar 'n nuwe koshuis vir 120 dogters opgerig is teen 'n koste van £59,000 (£492 per kosganger).[1] Op Sheepmoor is in 1949 'n koshuis vir 44 kosgangers opgerig vir £14,000 (£318 per kosganger),[2] terwyl die Hugenotekoshuis te Ermelo wat in 1935 deur die Administrasie aangekoop is vir £5,000 met akkommodasie vir 44 leerlinge (£113 per kosganger) in 1953 vergroot en verbeter is ten bedrae van £46,000 om tans 104 leerlinge te huisves, sodat die kapitaalbelegging vir die gebou nou £490 per kosganger is.

By hierdie kapitaalbelegging van die Provinsiale Administrasie moet nog gevoeg word die waarde van aanvangsuitrusting. 'n Bedrag van £7212 is bestee aan meubels en uitrusting om 130 leerlinge te huisves,[3] dus £55 per kosganger. As ons die gemiddelde koste aan geboue konserwatief op £350 per kosganger vasstel en die

1) Brief van Bethal Hoërskool se hoof, ged. 23/9/1954.
2) Gebou terwyl skrywer hiervan aan die genoemde skool verbonde was.
3) Ouditeursrapport vir Uitkomst Koshuis, Ermelo, ged. 7/9/1954.

uitrusting op £55, moes daar in 1948 (die jongste beskikbare gegewens) 'n kapitale belegging van ongeveer 14,700 x £405, dit is £6,953,500 gemaak gewees het om leerlinge in provinsiale koshuise te huisves.

d. Opvoedkundige aspek van die moderne koshuis.

(i) Koshuise en die huis.

Dit is seker vir geen ouer, met daardie diepgewortelde ouerliefde vir sy kind en 'n besef van sy Christelike plig in die uitvoering van sy doopbelofte, aangenaam om sy kind op 'n jeugdige leeftyd na 'n koshuis te stuur nie. In hierdie werklike beswaar is dan ook die grootste teenkanting teen die sentralisasiebeleid en die gevolglike verdwyning van klein skooltjies te vinde. Veral die moeder kom hier in opstand teen die onvermydelike omstandighede.

„By die huis kan die saadjies van dankbaarheid, liefde en eerlikheid gesaai word. Dit is die moeder se reg, met die hulp wat daar altyd sal wees as dit gesoek word, en kan nie verkry word deur 'n menigte koshuisreëls om die hofie te vermoei en die kind van elke gemoedsrus te beroof nie. Dis nie die wil van ons Vader dat kindertjies op so 'n jeugdige ouderdom uit die ouerhuis moet gaan nie."1)

„My kind kom nooit weer huis toe nie, behalwe met vakansies. Hy moet op sy eie bene gaan staan op 'n leeftyd wanneer die kind dit nog nie kan doen nie. Ek wil nie die koshuisstelsel verkleineer nie want ek kan nooit die skuld betaal en volle uiting gee aan my dankbaarheid teenoor diegene wat dag en nag onvermoeid ywer om ons kinders op te voed en te versorg nie. Maar ons oë is betraan en ons harte geknel - ons hande is leeg. Ons is van ons kinders berowe en niks kan daarvoor vergoed nie." 2)

Dit is egter nie net moeders wat teen die idee gekant is dat kinders so vroeg reeds van die huis af weggestuur word nie. Opvoedkundiges spreek ook hulle sienswyses oor die aangeleentheid uit.

„Om die kraak in ons volksmuur te herstel moet ons by die huisgesin begin. Moenie die huisgesin opbreek en verbrokkel nie, maar trek dit deur die bande van liefde en 'n Christelike lewensbeskouing nouer saam. Kinders moet op sesjarige leeftyd na die koshuis..

1) Die Huisgenoot, 15 Aug. 1947: Mev. H.P. in „Oor Koshuise".
2) Die Huisgenoot, 2 Junie 1944: D. Möller-Malan in „My kind gaan koshuis toe".

Feite-kennis en nie opvoeding nie, word hoofsaak. Die kind word nie gehard nie, maar verhard vir die lewe."1)

„Het ons nie met sentralisasie die ouerhuis as fundamentele opvoedingsbodem, as fyne, subtiele, liefdevolle en noodsaaklike vorming in die laerskooljare uitgesluit nie? Die moederliefde, vertroeteling, verfyningwat in die allerfynste menslik-sielkundige vorming van die kind so essensieel is, het ons uitgesluit." 2)

„Koshuisseuns is nou lankal daarvan oortuig dat die platteland hulle nie weer sal sien nie. Hulle het vreemd geword aan hulself: 'n tragiese produk van ons sogenaamde Christelik-nasionale opvoeding. Baie ouers sê: ‚Ek trek weg van die plaas af want ek sien nie kans om van my kinders koshuiskinders te maak nie. My doopbelofte weeg te swaar.' " 3)

In 'n dunbevolkte land soos Suid-Afrika is dit nie moontlik dat alle kinders uit hulle huise 'n skool kan besoek nie, en soos in 'n vorige hoofstuk aangetoon is, spreek inspekteurs van onderwys op ondubbelsinnige wyse hulle voorkeur uit aan losies in koshuise liewer as by privaat persone om aan hierdie probleem in ons onderwysstelsel die hoof te bied. In Engeland, waar die „public school" reeds vir eeue lank bekend is, word daar gewys op voordele van die kosskool bo die dagskool: Hoe waardevol huislike invloed ook al mag wees, is die ontwikkeling van 'n breër uitkyk op die lewe nodig. Die voordele van omgang met ander seuns en onderwysers is so belangrik dat huislike invloede tot 'n mate ingekort moet word om die gewenste resultaat te bereik. Hier kan die kind in volle mate die voordele geniet wat meegebring word deur 'n gesonde mededinging tussen die verskillende huise, op die atletiek- en sportveld.4)

Die vorming van gedagtes, gevoelens en begeertes

---

1) Onderwysblad vir Christelike en Nasionale Onderwys en Opvoeding, Maart 1951: J.J. van der Merwe in „Sentralisasie en skoolbusvervoer."
2) Onderwysblad vir C. en N. Ond. en Opv., Oktober 1950: Dr. N.T.Blignaut in „Ons Klein Skooltjies."
3) Onderwysblad vir C. en N. Ond. en Opv., Oktober 1951: H.J.G.Hiemstra in „Plattelandse Skooltjies."
4) V.S.Bryant: The Public School System in relation to the coming conflict for national supremacy, 61.

is by die huis geweef om 'n beperkte groep persone. Daar moet 'n uitbreiding en heraanpassing plaasvind: vestiging van die gewoontes wat bevorderlik is vir die groter samelewing en uitskakeling van dié wat nie daarmee vereenselwig kan word nie. 'n Verhouding van gesonde samewerking en vriendskaplike mededinging moet verkry word. Vorming van goeie gewoontes is voorbereidend en aanvullend in die erkenning van die reg as iets onafhanklik van hulself en tog bindend, sodat plig as die rigtingbepalende beginsel in die lewe beskou sal word. Die skool en koshuis, as plaasvervangers van die huis, moet dus voortbou op die sedelike beginsels wat reeds gevorm is. Die beperkings wat hier aangetref word, moet nie tot antagonisme lei nie, maar deur liefde aangevul word.[1)]

Dit is nodig dat die ouers 'n deeglike kennis sal dra van die toestande waaronder hulle kinders in die koshuis verkeer. Daar moet kontak wees met die huisvader, die toesighoudende personeel en die ander leerlinge met wie hulle kinders saamlewe, sonder om in te meng met die werksaamhede self. Onkunde is dikwels die oorsaak dat geen intelligente saamvoeling bestaan nie. Verder is dit nodig dat daar 'n ooreenstemming moet wees tussen die dissipline wat in die koshuis en tuis gehandhaaf word: hoewel daar gedurende vakansietye nie sulke definitiewe reëls toegepas word nie, moet selfdissipline nie heeltemal verwaarloos word nie. Die doel van die inrigting is nie om die dwaasheid van die huis gedurende vakansietye te neutraliseer nie. Dit is die plig van die huisvader om op so 'n wyse aan die ouers te verduidelik wat die voordeel is van vaste reëls in die koshuis, dat hulle sal besef dat raad gegee word deur 'n persoon wat kennis dra van opvoedkundige beginsels en dat gedeeltelike toepassing van hierdie beginsels tuis 'n nouer

1) Welton and Blandford: Priciples and methods of moral training, 31 - 39.

samewerking met die koshuis-owerhede ten gevolge sal hê.[1]

Dikwels verwag ons van 'n kind om reeds 'n grootmens te wees. In 'n atmosfeer van volwassenes kom die kind nie tot sy reg nie. Die teenwoordigheid van so baie ander kinders van dieselfde ouderdom in huislike aktiwiteite soos eet, was, aantrek, slaap, speel en werk bring noodwendig mee 'n gesonde sin vir respek vir andere en 'n liefdie vir tug en orde. Soortgelyke toestande word aangetref in groot huisgesinne, maar waar dit vandag so 'n seldsame verskynsel is, voorsien die koshuis in 'n behoefte wat selfs by staatsmanne bekommernis wek. Deur die eeue heen is reeds bewys dat leerlinge wat 'n koshuisloopbaan gehad het, gebalanseerde, goedaangepaste persone is, ondanks die gemis aan die huislike invloed vir 'n groot deel van hulle jeugjare. [2]

(ii) <u>Dissipline in die skoolkoshuis</u>.

1) <u>Koshuisreëls</u>.

Artikel B van die koshuisregulasies bepaal dat die superintendent van elke koshuis aan die Direkteur konsepreëls vir die huishoudelike bestuur en tug van sodanige koshuis ter goedkeuring sal voorlê. By die samestelling van hierdie reëls moet die godsdienstige, verstandelike, liggaamlike en sosiale ontwikkeling van die kind in aanmerking geneem word. Geen vaste voorskrifte kan hier neergelê word nie; dit sal grootliks afhang van die lewensbeskouing wat die persoon, wat vir die opstelling daarvan verantwoordelik is, daarop nahou. As dit egter vanuit 'n Christelike standpunt benader word en die vrese van die Here as die beginsel van alle wysheid aanvaar word, sal in die uitvoering

1) Welton and Blandford: Priciples and methods of moral training, 221.

2) The Outspan, 6th June, 1952: Ross Bresler in „Pack your child off to boarding school."

van die reëls daarna gestreef word om ware opvoedingswerk te doen.

'n Situasie vir die uitvoering van die reëls moet geskep word sodat die kind die noodsaaklikheid daarvan kan besef. Reeds op 'n jeugdige leeftyd wil die kind gesag erken en 'n aandeel neem in die uitvoering van sekere pligte. Reëls moet dus 'n positiewe karakter dra: „moenies" moet vervang word deur wenke wat produktiwiteit in die hand sal werk. Ook hier moet onthou word dat ledigheid die duiwel se oorkussing is. Gesonde dissipline dra by tot die vorming van 'n gesonde karakter. „It is the finest thing in the world for the pampered, high-born youth, who is brought up in the lap of luxury, and for any boy who is eventually to be served by others, to know something of the other side of the picture."[1]

2) Uitvoering van die reëls.

Die huisvader en sy toesighoudende personeel sien nie alleen toe dat aan die reëls van die koshuis uitvoering gegee word nie, maar hulle oefen self groot invloed uit op elke kind wat aan hulle sorg toevertrou is. „Tens of thousands of old public school boys in this country (England) owe their success in life entirely to such influence; they themselves know it well and they would corroborate this statement unhesitatingly .......... The careful selction of suitable men for these most responsible positions (of housemasters) is fully recognised by head masters as perhaps the most important duty they have to perform."[2]

In die uitvoering van hulle pligte word die personeel bygestaan deur prefekte. Leerlinge in 'n

1) Bryant, The Public School System, 64.
2) Ibid, 65.

koshuis ontwikkel gouer 'n selfstandigheidsin as dié wat by die huis gedurig onder ouerlike beskerming staan.[1]) Die pligte en verantwoordelikheid wat aan hulle opgedra word, moet in ooreenstemming met hulle ouderdomsbekwaamheid wees. Veral in hoërskoolkoshuise kan prefekte 'n groot dissiplinerende funksie verrig; seniors - en veral die leiers op sportgebied - is hiervoor die aangewese persone. Hulle gewone plig is om orde te handhaaf op tye en plekke waar die teenwoordigheid van 'n personeellid oorbodig is. Die verantwoordelikheid kan egter uitgebrei word, omdat hulle meer intieme kennis besit van die ander leerlinge en in gedurige kontak met hulle verkeer.

In 'n sekere hoërskoolkoshuis het die seuns op eie inisiatief 'n geregshof met sy eie reëls, ampsdraers en eed van getrouheid ingestel.[2]) Slegs in ernstige gevalle, waar die probleem te groot afmetings aangeneem het, is die hulp van die huisvader ingeroep. Strawwe vir verskillende oortredings is bepaal en self uitgevoer. Hulle ondervinding was dat dit meer as die moeite werd was, omdat die seuns sodoende geleer het om self hulle probleme op te los en reg en orde te handhaaf. Sover hy kon vasstel (verklaar „Oudleerling") is daar in die afgelope vyf-en-twintig jaar nie een van die seuns, wat saam met hom was tydens die bestaan van die hof, later skuldig bevind aan enige kriminele misdaad nie. Van die seuns wat wel swaar strawwe moes uitdien, het manne van betekenis in die samelewing geword.

---

1) Welton and Blandford: Principles and methods of moral training, 188 - 191.

2) Die Huisgenoot, November 1943: Oudleerling in „Selfbestuur in 'n koshuis."

(iii) Ontwikkeling van 'n „esprit de corps."

Die „ethos" of algemene toon of gees van die inrigting is van die uiterste belang vir die dissipline en algemene opvoedkundige waarde van 'n koshuis. Dit beïnvloed die kosgangers se algemene gedrag in openbare plekke en bepaal die houding van die meerderheid teenoor die individuele lid wat lawaaierig, selfsugtig of oneerlik is, wat rook of leuens vertel sonder dat die personeellede daarvan kennis dra. Suggestie kan hier 'n vername rol speel. Die reputasie van die inrigting moet ten alle koste hoog gehou word.[1] Wanneer ander leerlinge begin vra wat sy „huis" al gedoen het, kom hy tot die besef dat hy iets positiefs moet bydra om die naam van sy koshuis hoog te hou.

(iv) Vryetydsbesteding.[2]

Algehele uitskakeling van vryetyd om sodoende met die euwels wat as gevolg van ledigheid ontstaan, weg te doen, is geen oplossing van die probleem nie. Hier moet voorbereidingswerk gedoen word vir die tyd na die leerlinge die skool verlaat het en alle beperkings opgehef is. Die huisvader kan veel daartoe bydra om die kosgangers se belangstelling in een of ander terrein te wek: letterkunde, musiek, kuns, sport en die natuur. Aankweek van stokperdjies soos houtsneewerk, versamelings, modellering, fotografie, figuursaagwerk en naaldwerk kan sterk aanbeveel word. Daar moet net toegesien word dat leerlinge daarmee volhou vir 'n bepaalde tydperk. Gewone speletjies is ook gladnie af te keur nie. Afgesien van die georganiseerde spele waaraan die kosgangers deelneem, kan die koshuispersoneel op 'n indirekte wyse meehelp om aan die inwoners wenke vir nuttige vryetydsbesteding te gee. Dit moet werklik

1) Welton and Blandford: Principles and methods of moral training, 198.
2) Ibid, 193 - 196

die uitsondering wees as lewenslustige seuns of dogters teen 'n muur aangetref word of doelloos van een ledige groepie na 'n ander aanslenter.

4. Samevatting.

'n Georganiseerde koshuisstelsel in die Transvaal het eers in 1935 tot stand gekom nadat die Provinsiale Administrasie daartoe oorgegaan het om koshuise, wat vroeër onder die beheer van plaaslike komitees en liggame gestaan het, oor te neem, of op eie inisiatief koshuise op te rig. Hierdie stap het 'n groot uitbreiding van die hele stelsel meegebring sodat daar in provinsiale koshuise in 1948 akkommodasie vir 14,767 kosgangers was, waarvoor 'n kapitaalbelegging van bykans sewe miljoen pond nodig was. Hulptoelaes in die vorm van losies-beurse moes vergroot word, terwyl die toekenning hiervan oorgeplaas is na die Direkteur, en skoolrade slegs aan-bevelings maak oor leerlinge wat in hulle distrik woon-agtig is.

Die beheer en kontrole van hierdie inrigtings is deur middel van regulasies en departementele reëls, en aangevul deur pamflette en omsendbriewe, volledig uiteengesit. In breë trekke kan die beheer in vier afdelings onderverdeel word, en word daar voorsiening gemaak vir inspeksie en kontrole waar die kringsinspek-teur opvoedkundige aangeleenthede, die koshuisadviseur finansies, die diëetkundige voeding en die skooldokter en verpleegster gesondheidsdienste en algemene higiëne behartig. Met die baie pligte wat tot dusver aan hierdie persone opgedra is, kon hulle nog nie daarin slaag om op hoogte te bly van die probleme en tekortkominge van individuele koshuise nie en moes superintendente gewoon-lik sonder hierdie persoonlike hulp (of met 'n geringe deel daarvan) en advies self oor die weg kom.

Om die finansies op 'n gesonde basis te bestuur

is wenke beskikbaar gestel aan koshuissuperintendente. Deur hiervan gebruik te maak, kan 'n algemene beleid vir die inrigting op 'n wetenskaplike grondslag bepaal word, kan daar voorsiening gemaak word vir 'n gebalanseerde diëet en is dit moontlik om dadelik vas te stel wanneer toestande nie normaal verloop nie en of dit nodig is om wysiginge aan te bring wat die aankoop van voedselvoorrade betref. As die superintendent die roetine-boekhouding in die hande van die penningmeester laat, sal hy in staat wees om die volle beheer oor die inwendige bestuur van sy koshuispersoneel (toesighoudende en huishoudelik), kosgangers, bediendes, uitrusting en algemene gees uit te oefen.

In die groot verskeidenheid van koshuisgeboue wat by die verskillende soorte skole aangetref word, streef die Administrasie daarna om sodanige geriewe aan die inwoners te verskaf dat die uitvoering van die administratiewe pligte moontlik is en dat die koshuis sal vergoed vir die ongerief wat personeel sowel as kosgangers moet verduur deur van hul ouerwonings afwesig te wees. Daar is nog 'n groot agterstand om in te haal as gevolg van die stilstand in boubedrywighede tydens die Tweede Wêreldoorlog, maar daar sal hopelik binne die eersvolgende paar jaar in die vernaamste behoeftes van die provinsie voorsien kan word.

Die koshuisstelsel in Transvaal het gekom om te bly. Vir duisende leerlinge moet dit noodgedwonge vir 'n groot deel van hulle jeugjare die plek van die ouerhuis inneem. Verantwoordelike persone, wat in beheer van die inrigtings is, besef wel deeglik dat dit nie net 'n plek is waar kinders eet en slaap nie, maar dat hulle 'n groot deel van die verantwoordelikheid vir die opvoeding van daardie kinders op hulle skouers moet neem. In die opstelling van huishoudelike

reëls en in die toesig oor die uitvoering daarvan word die gees van 'n koshuis geskep. Hierdeur sal bepaal word of daar aan die godsdienstige, sedelike, verstandelike en sosiale ontwikkeling van die kind reg geskied, en of die koshuis daarin slaag om die gemis van die huislike invloed tot so 'n mate aan te vul dat die kind nie die lewe met 'n agterstand sal ingaan nie.

--------- o O o ---------